# OVK NUUS | NEWS

AMPTELIKE TYDSKRIF VAN OOS-VRYSTAAT KAAP BEDRYF BPK
OFFICIAL MAGAZINE OF OOS-VRYSTAAT KAAP OPERATIONS LTD

DESEMEBER/DECEMBER 2024
volume 29 • #04
GRATIS • FREE



## STERK FAMILIEBANDE
SPEEL GROOT ROL IN SUKSES

## JONG OOS-KAAP BOER
VOL PLANNE VIR TOEKOMS

## GEHARDE AANGEPASTE VELDRAMME
NUWE TEELPROGRAM VIR ANGORA'S


## VERSKAFFERS KRY TOEKENNINGS
EN SPEEL GHOLF IN LADYBRAND

# LOXTON MERINO BOERE OORLEEF
DROOGTE EN VERTEL VAN DIE LEERSKOOL

# Gaan GROOT Hierdie Somer!




**Met JoJo se 10 000 L, 15 000 L en 20 000 L Vertikale Tenks kry jy groter kapasiteit op 'n kleiner oppervlak. Meer water, minder spasie - perfek vir eiendomme met beperkte ruimte.**



3 x 20 000 L

VS



12 x 5 250 L

**Besoek ons webblad vir meer produk spesifikasies**
**www.jojo.co.za**

JoJo
FOR WATER FOR LIFE

**Uitgewer/Publisher**
Oos-Vrystaat Kaap Bedryf Bpk
Posbus/PO Box 96
Ladybrand 9745

**Besturende Redakteur**
**Managing Editor**
Stéfan Oberholzer

**Redakteur/Editor**
Francois Seymore
051 923 4785/079 780 4618
ovknuus@ovk.co.za

**Redaksionele artikels/Editorial Articles**
Alle artikels is deur die redakteur geskryf, behalwe waar anders aangedui./ All articles are written by the editor, except where otherwise indicated.

**Medewerkers/Contributors**
Igna Kotze
Christel Basson

**Proeflees/Proofreading**
Marna Alberts

**Advertensies/Advertising**
Christel Basson
051 923 4798/082 775 9207
christelb@ovk.co.za

**Uitleg/Layout**
Francois Seymore
Liezl Magson

**Drukkers/Printers**
Oranje Print & Packaging
Senekal

**OVK Hoofkantoor/ Head Office**
19 Dan Pienaar Str, Ladybrand
051 923 4500
klantediens@ovk.co.za

*Die menings en aannames wat in hierdie publikasie uitgespreek word, is nie noodwendig die sienswyse van OVK nie en OVK aanvaar hiermee geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir enige aansprake wat in hierdie publikasie gemaak word nie. The opinions expressed in this publication are not necessarily the view of OVK and OVK does not accept any responsibility or liability for claims made in articles or advertisements.*

*Kopiereg word voorbehou en inhoud mag slegs met skriftelike toestemming van die redakteur gereproduseer word.*

*Copyright is reserved and contents may only be reproduced with written permission of the Editor.*

*Die tydskrif is gratis aan kliënte by alle OVK Handelstakke beskikbaar en voorwaardes geld. Besoek www.ovk.co.za om 'n elektroniese weergawe van die tydskrif te lees..*

*The magazine is available free of charge to clients at all OVK Retail branches and conditions apply. Visit www.ovk.co.za to read an electronic version of the magazine.*

**VOORBLAD**
Dié besondere foto van 'n koringland kort na 'n reënbui is deur Christiaan van Niekerk van Driekop Boerdery naby Clocolan geneem.

**COVER**
This special photo of a wheat field shortly after a rain shower was taken by Christiaan van Niekerk of Driekop Farms near Clocolan.






# INHOUD | CONTENTS

## DESEMBER/DECEMBER 2024

2 Uit die Woord
3 Oor die Grensdraad
4 Kersboodskap
6 Besigheidsmodel berus op sterk familiebande
10 Droogte was groot leerskool
14 Twee Vrouedae in sewe dae
16 Verskaffers ontvang jaarlikse toekennings
18 Waarvoor wag jy?
24 Jongboer vol planne vir 'n volhoubare toekoms
28 Oos-Kaap boere teel geharde ramme vir veld
32 Oesvooruitskatting
34 Oesversekering nou noodsaaklikheid
36 Gholfdag samel noodsaaklike fondse in
40 Wildvang nou deel van dienste
42 Op die vrou af






UIT DIE WOORD

# Glo jy nog?

Ds Werner Klindt, NG Gemeente Ladybrand-Noord

So nader ons die einde van die jaar, en vir 'n klomp mense is daar nog die lekker vooruitsig van Kersfees. Ek onthou hoe ons as kinders uitgesien het na Kersfees saam met die familie, wanneer ons weer almal saam kon wees. Ek onthou hoe een van die hoogtepunte was om kerk toe te gaan. Geloof het nog altyd 'n baie groot rol in my lewe gespeel - ek kan my nie my lewe sonder geloof indink nie. Ek kan ook nie help om te wonder hoeveel mense nog soos ek oor geloof voel nie. Hoeveel mense sien nog uit na Kersfees om die regte rede? Hoeveel mense heg nog waarde aan geloof?

Ek dink aan 'n paar gebeurtenisse in die natuur. Onthou jy die dodo? In 1681 is die laaste dodo doodgemaak, en vandag bestaan hy nie meer nie. Het jy al 'n renoster gesien? Byna 100 jaar gelede was daar ongeveer 500 000 renosters in Afrika, maar vandag is daar net-net minder as 27 000 oor. Renosters gaan uitsterf, en jou kinders mag dalk nooit een lewendig sien nie.

Daar is vandag 7 390 kerke in Suid-Afrika waarvan ons weet, maar hierdie kerke se deure is besig om vinnig toe te maak. Dink maar net aan jou plattelandse konteks: Het jy nog 'n kerk wat oop is? Het jou kerk nog 'n dominee? Woon jy nog eredienste by? Glo jy nog? Hierdie statistieke maak my bekommerd, en ek is bekommerd dat daar nie baie mense is wat saam met my bekommerd is nie. Dit maak dat ek met erns die vraag vra: "Glo jy nog?"

In Handelinge 16 lees ons die verhaal van Paulus en Silas wat in die tronk was omdat hulle die evangelie verkondig het. Teen middernag was daar 'n aardbewing, en God het die boeie van hulle afgeskud en die deure van die tronk oopgemaak. Die tronkbewaarder het groot geskrik, want hy kon in enorme moeilikheid beland as hulle sou ontsnap.

Lees hier wat verder gebeur in Handelinge 16:29-34:
*Die bewaarder het vir lig gevra, ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. Hy het hulle na buite gelei en gesê: "Menere, wat moet ek doen om verlos te word?" En hulle het geantwoord: "Glo in die Here Jesus, en jy en jou hele huishouding sal verlos word." Hulle het toe die woord van die Here aan hom en almal in sy huis verkondig. En hy het hulle op daardie uur van die nag saamgeneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is onmiddellik gedoop. Hy het hulle na sy huis geneem en 'n ete voorgesit. Hy en sy hele huishouding was jubelend, omdat hulle tot geloof in God gekom het.*



Ek is bevrees dat die kerk regoor die wêreld dieselfde pad stap as die dodo en die renoster, en dat die kerk iewers in die toekoms ook maar net 'n herinnering gaan wees van iets wat eens was. Dit alles omdat soveel mense vandag bloot net nie meer glo nie, en soveel wat glo, glo nie meer aan die kerk nie en verloor sodoende 'n belangrike deel van geloof. Maar dit hoef nie so te wees nie. Miskien het ons betyds begin om die renoster te beskerm, en sterf hy dalk nie uit nie. Miskien kan ons betyds die kerk ook beskerm. Dit is natuurlik my hoop en gebed, en ek glo nie dat God Sy kerk sal laat uitsterf nie. Handelinge vertel van die ontstaan van die vroeë kerk en hoe die gelowiges vervolg is, en hoe baie van daardie tyd se mense gedink het dat die kerk nooit sou bly staan nie - maar tog het dit oorleef, danksy gebeurtenisse soos dié van die tronkbewaarder.

Toe die tronkbewaarder sien wat gebeur het, vra hy wat hy moet doen om gered te word. Paulus se antwoord was dat hy in Jesus moet glo. Die bewaarder het geglo, en hy en sy hele huis is gered. Daarna was die hele huishouding jubelend, sê vers 34. Mag jy wat hier lees, en jou hele huishouding, hierdie Kersfees jubelend ingaan oor die Verlosser wat na die aarde toe gekom het en jou red op grond van jou geloof en sy groot genade.



REDAKSIONEEL

# Oor die Grensdraad

Francois Seymore

Die nuus word oorheers deur Donald Trump en JD Vance se oorwinning in die Amerikaanse verkiesing, en dit gons oor hoe hulle beleid ons kan beïnvloed. Die rand voel onmiddellik die impak van 'n sterker dollar, en Bitcoin styg met meer as 45%. Tesla se hoofkantoor moet seker 'n lekker plek wees om te werk, want hul baas, Elon Musk, se glimlag strek omtrent rondom sy gesig. Die tyd sal leer wat die 78-jarige Trump se presidentskap vir die wêreldekonomie en -vrede inhou.

Hier by ons lyk die koring soos 'n groen kombers wat oor die lande getrek is. Broodnodige, goeie reën het geval, en die boere spook teen tyd om die somergewasse in die perfekte grond geplant te kry. Volgens die derde oesvooruitskatting word 'n 4,3% kleiner koringoes verwag, en invoere uit Rusland vind steeds plaas.

Hier by OVK Media het ons weer wyd en syd gery om stories en video's van boere en dorpies aan ons lesers te bring. Die Noord- en Oos-Kaap se Jongboere van die Jaar is aangewys, en ons het by Hannes Bruwer in Hopetown gaan kuier om met hom en sy pa, Vickie, te gesels oor hul familieboerdery en die planne wat hulle beraam om volhoubaar teen die laagste insetkoste te boer.

Die skilderagtige Maclear is die tuiste van Dwayne Kaschula. OVK Media was daar om te sien hoe hierdie jong man, wat 'n paar jaar gelede met 'n paar beeste begin het, nou een van die suksesvolste boere in die omgewing is. Hy het soveel planne om waarde tot sy boerdery te voeg dat dit moeilik is om by te hou. Geluk aan Hannes en Dwayne met hul toekennings!

Loxton is 'n ongenaakbare streek van ons land, en die Karoo hoogland het geen genade gedurende die droogte getoon nie. Wian Venter vertel hoe hulle op Slypfontein die droogte oorleef het en watter uitdagings hulle moes oorkom om hul lammers lewend te hou. Die boere in hierdie omgewing is werklik 'n inspirasie.

OVK het ook 'n besige November beleef, met twee vrouedae in een week, asook die jaarlikse verskaffersfunksie waar toekennings aan sy verskaffers oorhandig is, gevolg deur die gholfdag. Lees gerus oor die vroue se besondere dae, sowel as Voermol en ander wenners wat toekennings ontvang het.

Igna Kotze het seker een van haar beste artikels nóg geskryf en gesels hierdie keer met volwassenes – nie net ouers nie. Sy praat oor "wag" en hoe ons hierdie uitdaging in ons lewens moet hanteer. Haar woorde vloei reg uit haar hart, gegrond op persoonlike ondervinding, en bied waardevolle insigte vir elke lid van die gesin. Sy gee ook raad oor hoe om kinders te leer om geduldig te "wag."

Drie Oos-Kaapse boere het uit ekonomiese noodsaaklikheid 'n teelprogram van stapel gestuur om geharde, robuuste, veldaangepaste Angoraramme te teel. Hierdie ramme word in hul eie boerderye en stoetprogramme gebruik, maar word ook aan ander boere beskikbaar gestel. Lees gerus oor Kobus Lötter, Marx Strydom en Ripple Brits se pogings om hul boerderye ekonomies volhoubaar te maak deur die inkomste uit hul skeersels te verhoog.

Christel Basson het 'n draai gemaak in Prins Albert en het Martin en Karla Loots, sowel as Ronel Pieterse, ontmoet. Al drie is aktief betrokke by die Prins Albert-skou. Wat haar opgeval het, is hoe hierdie twee vroue uit verskillende generasies tog dieselfde liefde en toewyding vir die platteland en sy mense deel.

So kom die jaar, wat teen 'n geweldige tempo verbygevlieg het, tot 'n einde. Terwyl boere nog besig is om koring te stroop en die laaste mielies in die grond te kry, kry die res van ons die geleentheid om 'n blaaskans te neem en tyd saam met familie en vriende deur te bring.

Vir baie is dit 'n vreugdevolle tyd, maar vir ander ook 'n hartseer tyd, aangesien geliefdes vanjaar vir die laaste keer gegroet moes word. Mag almal geseënd wees in hierdie Feestyd. Onthou om op jou knieë te bly, wees veilig, en wys jou liefde vir die mense om jou. Dit kan jou laaste kans wees. Tot volgende jaar....



# Kersboodskap

Chris Bender: Voorsitter OVK Groep

Aan die einde van 2024 dwing die uitdagende jaar ons om terugskouend te besef waardeur ons is: ongekende temperature en tye sonder reën wat die natuur in ellende laat met dorheid, vaalheid en verhongering – uitdagings wat vir 'n landbouer soms te veel kan raak.

As Kerstyd nader kom, word ons herinner aan 'n dryfveer wat uitdagings draaglik maak, naamlik verhoudings. Ons as landbouers het vele verhoudings – met jou finansierder, insetverskaffers, raadgewers, geliefdes en natuurlik ons Skepper. Enige verhouding kom tot sy reg sodra daar op die ander party gefokus word.

Ons voorsien voedsel aan 'n land se bevolking. Landbouers fokus in die verhouding daarop om te voorsien in ander se behoefte aan voedsame kos op 'n daaglikse basis om gesond te kan lewe. Sou ons op onsself gefokus het, en net in ons eie behoefte voorsien het, was hongersnood 'n gegewe en geleenthede verspeel.

Nadat dit alles in ag geneem is, sal Suid-Afrika besef dat Landbou 'n essensiële bate van ons land is.



Dit is OVK se missie en fokus om sy kliënte by te staan om hul onderneming suksesvol te hou – 'n verhouding wat die afgelope jaar getoets is met 'n droogte wat oeste beperk het, inkomste nie laat realiseer het nie en tot gevolg gehad het dat rekeninge nie ten volle vereffen is nie. In enige verhouding is daar nie net voorspoed nie. OVK en sy kliënte gaan gefokus bly om die uitdagings te oorkom.

In die nuwe jaar gaan vasbyt die deurslag gee. Suid-Afrikaanse landbouers het die vermoë om enige uitdaging, hoe groot ookal, te oorkom en herstel sal spoedig manifesteer.

Die sukses is in ons en ons onderskeie verhoudings, want:

- ons gaan weer plant;
- landbouers gaan weer investeer in hul onderskeie ondernemings;
- daar gaan weer 'n nuwe trekker gekoop word; en
- 'n geleentheid vir 'n kind wat wil plaas toe kom, sal geskep word.

Nadat dit alles in ag geneem is, sal Suid-Afrika besef dat Landbou 'n essensiële bate van ons land is.

Ons gaan mettertyd dit wat ons die afgelope seisoen verloor het, op die agtergrond skuif.

Ons – personeel, boer, verskaffer – kan op mekaar steun om na die welkome reën en 'n mooi seisoen wat ons Vader ons bied, opnuut suksesvol te wees.

Geseënde Kerstyd en mag elke verhouding vir u tot aanwins wees die seisoen.


Agri
Seker
fa( )
'n Seker Toekoms
HIERDIE IS ONS SEKER
TOEKOMS
Saam kan ons 'n bydrae maak tot die Toekoms van ons Land met 'n toegewyde Fokus op Landbou.
1 TOEKOMS
2 FOKUS
3 LANDBOU
Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by agriseker.co.za
AgriSeker Onderskrywingsbestuurder (Edms.) Bpk. Reg no. 2014/235270/07 is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer FDV no. 45767. Onderskryf deur Land Bank Insurance (SOC) Ltd. Reg no. 2012/115426/30.

# Besigheidsmodel berus op sterk familiebande

*Die Jongboer van die Jaar-toekennings in die Noord-Kaap is nie ongewoon vir die Bruwer-familie van Genade Boerdery nie. In 2015 het hulle ook Graan SA se Graanboer van die Jaar-toekenning ingepalm. Ons het by hulle gaan kuier om met Hannes, wat as Jongboer van die Jaar vir 2024 aangewys is, en sy pa Vickie te gesels oor die sukses en harde werk wat dit verg om 'n onderneming met soveel vertakkings te bestuur en te laat groei.*

Daar is al baie geskryf oor die Bruwer-familie, maar een ding waaroor jy nie lees nie, is die liefde en respek tussen vader en seun. Die wyse waarop hulle mekaar groet, spreek boekdele. Die familie-onderneming is in 1975 deur pa Vickie begin, en in 1985, toe Hannes een jaar oud was, het die familie van Jacobsdal na Douglas verhuis, waar hy en sy broers grootgeword het. "Die Modderrivier het opgedroog, en ons moes 'n spilpunt wat op skuld gekoop en betaal moes word, na my oupa se wildsplaas verskuif." Ná laerskool op die dorp het Hannes aan Grey Kollege gematrikuleer en 'n B.Agric-graad aan die Universiteit van die Vrystaat behaal.

Ouer broer Gerhard (43) het die Jongboertoekenning in 2021 gewen, en jonger broer Vickie (36) reeds in 2016. Die vorige jaar (2015) het die familie die Graanprodusent van die Jaar-toekenning van Graan SA ontvang. Hannes, nou 40, is baie geëerd om die derde ontvanger van die toekenning te wees. "Natuurlik is dit 'n eer, maar hoe gee 'n mens andersins erkenning aan jou werkers en kantoorpersoneel as om so 'n toekenning te ontvang? Hulle is baie trots as daar iets oor die plaas in die media is."

In 2007 het Hannes en sy vrou Almyné na die plaas Zuurgat buite Hopetown verhuis. "Ons het nog altyd 'n geleentheid gesoek om grond langs die Oranjerivier te bekom. Gerhard boer by Douglas langs die Rietrivier, en Vickie in Schmidtsdrift langs die Vaalrivier. Vroeër jare was die Oranjerivier nie standhoudend nie. My pa het altyd gesê die besproeiingsboere se kinders was die arm kinders toe hy op skool was."





Water word met twee pype 2,5km teen 'n helling van 85m vanaf die Oranjerivier na 'n voedingsdam gepomp om die spilpunte van water te voorsien. Vickie snr verduidelik vir Alice Lidderd en Kenja Lessing van OVK Media hoe die stelsel werk.



Die Vanderkloofdam is in 1977 voltooi, en dit het die prentjie verander. Joël le Roux, wat ook buite Hopetown boer, se pa was die eerste boer wat in 1978 'n 14-toring-spilpunt op die plaas Soutpansdrift opgerig het. "Eskom en spilpunte het alles verander. Voorheen het hulle op klein skaal natlei-lande gehad. Die spilpunte het meegebring dat lande op groot skaal besproei kon word. Nadat die damme en kanale voltooi is, het die water baie meer standhoudend geword."

Hannes vertel dat die afgelope drie jaar 'n groot uitdaging was. "Dit het ongelooflik baie gereën, en die Karoogrond kan glad nie die hoeveelheid water hanteer nie. Beurtkrag het dit ook baie moeilik gemaak, en net wanneer ons kon besproei om die profiel reg te hou, reën dit nog 50 mm. Ons het meer versuipskade as droogteskade gehad."

Die aanhoudende beurtkrag het 24-uur werksdae meegebring en die besproeiingsboere met geen ander keuse gelaat as om vir hul eie energievoorsiening te sorg nie. "Ons het kapitaal van Noorweë en Switserland gebruik om sonplase op te rig. Ons het een wat 800 kW opwek en een wat 1000 kW opwek. Ons koop die krag teen 'n verdiskonteerde tarief aan. Die voordeel is dat ons reeds onder Eskom se tariewe begin, en die jaarlikse verhogings is aan die inflasiekoers gekoppel. Dit is 'n wen-wen-situasie, want die belegger kry nie rente op hul geld in Europa nie, en ons het nie die kapitale uitleg nie. Ek is ook net 'n boer—wat weet ek van die bestuur van 'n sonplaas? Daar is diensooreen-



Genade Boerdery bestaan uit verskeie vertakkings wat vanuit Hopetown, Douglas en Schmidtsdrift bedryf word. By Hopetown is 'n wildskamp waardeur hulle wild aan boere vir trofeejag verskaf.

komste en hulle is verantwoordelik vir die instandhouding, wat op tender geplaas is.

"Ons mag nie meer as 70% van ons krag terugplaas in Eskom se netwerk nie. Hulle betaal ons nie, maar gee net krediete. In die wintermaande bou ons krediete op, want ons gebruik dan min krag. Die sonplase voorsien op hierdie stadium 60% van ons kragverbruik. Dit veroorsaak 'n uitdaging, want as daar beurtkrag is, is die sonplase nie operasioneel nie, aangesien hulle elektrisiteit benodig om uitsette te lewer. Daarom het ons kragopwekkers strategies opgerig om dan die netwerk op die plaas van krag te voorsien. Die ure wat die kragopwekkers loop, word teen die sonplase se rekening gekrediteer." Genade Boerdery se leuse, wat Hannes by die Reitz-koshuis op universiteit oorgeneem het, is Unitas in Variis, wat "eenheid in verskeidenheid" beteken. Hulle het hierdie leuse duidelik tot op die letter gevolg en het 'n magdom vertakkings wat hulle gebruik om kontantvloei te genereer. "By Hopetown plant ons koring, mielies, springmielies, lusern, witbone, ertjies vir die sopmark, uie, en 'n bietjie beet en wortels. Die groente is 'n hoëwaardegewas, en wanneer die kragopwekkers loop, is dit darem nie vir 'n R80 000 per hektaar omset nie, maar eerder 'n R500 000 omset, wat dit meer lonend maak."

Boere in die omgewing doen toetse met canola wat baie positiewe resultate lewer. "Die enigste probleem met canola, soos met sonneblom, is dat 'n droëlandboer wat vier reënbuie op die regte tyd kry, vier ton per hektaar stroop, terwyl ons al die kostes het om te besproei en dan stroop ons vier en 'n half ton! Die droëlandboer het nie 'n derde van ons insette nie, en ons stroop feitlik dieselfde.



Kenja het met Hannes gesels oor sy toekenning, Genade Boerdery en hulle unieke plan om sonkrag te genereer. Skandeer die QR-kode om die video te kyk wat sosiale media rekords gebreek het.

"Tans word die canola na Johannesburg vervoer en op die sonneblompers gepers totdat die sonneblomoes inkom. Dit is 'n klein venstertydperk, en sodra dit toemaak, moet die canola na Kaapstad vervoer word. Dan kompeteer ons met produsente wat 1 000 km nader aan Kaapstad is, wat ons mededingende voordeel heeltemal kanselleer. Die Wes-Kaap verwag hierdie jaar 'n rekord-oes."

As prysnemers is die boer se enigste manier om sy winsgrens te verhoog, om insetkoste effektief te bestuur. "Genade Boerdery is onder een sambreel, maar bestaan uit verskeie eenhede. Weereens is ons leuse van toepassing. Ons koop saam en bemark saam, so ons benut die voordele van skaal. As jy 100 hektaar het en jy maak R10 wins per hektaar, het jy R1 000. As jy 1 000 hektaar het, maak jy darem R10 000 wins. 'n Verdere kostebesparing is die ertsvragmotors wat in die verlede leeg verby ons gery het, wat nou losmaatkunsmis in Richardsbaai en Koega laai en dit hier teen 'n goedkoper tarief aflaai. Jy moet egter die stoorkapasiteit hê om die volume te kan hanteer. Ons dien die kunsmis deur die spilpunte toe en het ook nou implemente wat kan strooi in geval van fase 6-beurtkrag. Die koste van energie maak verder 'n groot verskil."

Die hoeveelheid reën wat hulle die afgelope drie jaar gekry het, laat 'n mens wonder of daar 'n verandering in die klimaat is. "Na my mening is die klimaat in 'n siklus, maar aardverwarming is 'n realiteit, en ons voetspoor is te groot en te rof. Die siklus wat ons gehad het, was gelukkig voorspel, en ons het al ons lusern vir vier jaar uitgehaal en kon die toerusting betyds verkoop. Dit wil voorkom of die weer normaliseer, en ons is weer besig om lusern te plant. Ons gronde by Hopetown is nie diep genoeg om 'n 100 of 150 mm reën te hanteer nie."

Weerkundiges voorspel dat die westelike gedeelte van die land minder reën gaan kry en dat dit na die ooste sal verskuif. "Gelukkig is ons in hierdie omgewing gewoond aan 250 mm tot 350 mm reën in Douglas. Ons kry dus

reeds min reën, en die kanse is goed dat ons 'n bietjie meer sal kry. Ek wil amper sê ons is gereed om sonder reën klaar te kom wat gewasse betref, maar ons het ook grond vir beeste, en dit kan moeiliker wees."

Vickie snr sluit by ons aan, en ek kan nie die versoeking weerstaan om hom te vra waar die naam "Genade" vandaan kom nie. "Toe ons die eerste grond koop, moes ons drie opsies vir die maatskappy se naam voorstel, en ek en my vrou Trisa het toe die naam gekies. Ons het al sedertdien deur baie diepe waters gegaan, en dit is deur baie "genade" dat ons vandag hier is."

***"Ek kry boere wat besluite alleen moet neem, soms bitter jammer."***
**Vickie Bruwer snr**

Elkeen van die seuns dra hul besondere deel by tot die boerdery, en Vickie het stelselmatig die leisels oorgegee. Almal is betrokke by die besluitnemingsproses, en volgens Vickie is dit 'n groot voordeel. "Ons redeneer goed en soms lyk dit asof die een verloor, maar volgende keer wen hy weer. Daar is altyd goeie balans in ons besluitneming."

Baie dinge het sedert 1975, toe Vickie begin boer het, verander. "Die tegnologie, soos rekenaars en vandag se selfone, staan vir my uit. Die tegnologie wat deesdae in die trekkers gevind word, laat 'n mens se mond oophang. Jy druk net knoppies, en dan doen die trekker al die bewegings vanself. In my dae was dit 'n groot werk om 'n spilpuntsirkel uit te meet. Vandag word dit vinnig op 'n skootrekenaar gedoen." Vickie snr vertel dat hulle baie goed onder druk presteer en besig moet bly. "Binnekort kom daar 'n veeplaas op die mark en ons dink daaraan om dit te koop om die beeskomponent uit te brei. 'n Veevertakking in Douglas is belangrik, aangesien baie van die plase daar groot buiteveld en dus weiding het wat nie noodwendig geskik is vir spilpunte nie."

Hannes verduidelik dat mielies en koring hul grootste komponent bly. "Mielies en koring betaal die skuld. Die ander, kleiner gewasse finansier die uitbreidings. Jy moet onthou, die insetkoste van groente is hoog, maar hul waarde is ook hoog. Een jaar het ek 10% van die lande met aartappels beplant. Die insetkoste was gelyk-staande aan dié van die ander 90%, maar die wins was dieselfde as dié van die 90%. Ons plant addisioneel uie, beet en wortels vir die nismark, maar glo nie ons gaan drasties daarin groei nie."

Vickie noem hoe belangrik kontantvloei in die boerdery is. "Kontant is koning. As jy geld in jou sak het, kan jy enigiets doen. Ons beplanning werk so dat daar bitter min weke in die jaar is waarin een van die komponente nie tot die kontantvloei bydra nie."

Hulle is nie betrokke by die grootmaatverpakking van die groente nie. "Ons spot altyd ons ouers dat as ons nog broers of swaers gehad het, dit baie sou gehelp het. Ons wil nie betrokke raak by dinge waarvan ons nie kennis het nie, want dan verloor jy maklik fokus op jou kernbesigheid. Ons verpak wel die groente in klein sakkies," sê Hannes.



Die Oranjerivier het sedert die voltooiing van die Vanderkloofdam in 1977 meer standhoudend geword en daarna het grond langs die rivier baie kosbaar geword vir besproeiingsboerdery.



Die OVK Handelstak in Hopetown speel 'n belangrike rol in die bedrywighede van Genade Boerdery en Hannes is 'n bekende by die tak. Hier gesels hy met Nola Sak en Muriel Spalding.



Hannes staan by Alice en Kenja en sy hond, Sussie in een van die koringlande. Mielies en koring bly hul hoofgewasse.

Hy verduidelik dat hulle een seisoen aartappels plant en die jaar daarna mielies. Die spilpunt word dan geskuif en die land word vir agt jaar so gelaat. "Na agt jaar het daar weer gras gevestig en is dit eintlik weer veld. Ons bewerk hom dan weer en skuif die spilpunt terug. Om grond te berook kos tussen R30 000 en R40 000 per hektaar. My pa glo daaraan om eerder nuwe plase te koop vir minder rand per hektaar as wat die beroking kos. Daar is wel 'n lang proses om 'n land gevestig te kry, maar dit is nuwe grond met geen siektes nie."

'n Mens kan die heeldag met Hannes en sy pa gesels oor die boerdery maar een ding staan uit, naamlik hul liefde vir die grond en wat hulle doen. Hulle bly op hul knieë en weet waar die "genade" vandaan kom. Genade Boerdery gaan nog baie deur Gerhard, Hannes en Vickie jnr groei en dit sal 'n besondere nalatenskap vir hul kinders wees, net soos pa Vickie snr se droom vir sy kinders.



# Droogte was groot leerskool

*Die Karoo Hoogland het 'n vreemde bekoring. Wanneer jy in Loxton 'n koue lafenis geniet saam met die plaaslike inwoners met hul lang baarde en velle wat deur die jare deur die son gelooi is, besef jy vinnig dat dit 'n wêreld vir manne is wat die droogte ken. Ons ry om die kerk in Loxton, wat waghou oor die mense van die dorp, en neem die lang stofpad tussen die klipkoppies, wat 'n mens aan 'n maanlandskap laat dink, om by Wian Venter op die plaas Slypfontein te gaan kuier.*

Terwyl ons langs die vuur onder die Karoo sterrehemel staan, vertel Wian dat sy storie in Kroonstad begin, waar sy ouers, Willem (Bokkies) en Moediehi, met gewasse, vleismerino's en beeste geboer het. Bokkies het in De Aar grootgeword, en sy hart het altyd 'n hunkering na die Karoo gehad. In 2005 koop hy 'n klein stukkie grond naby Vosburg. "So het ons naweke en vakansies op die plaas kom boer. In 2008 het my pa besluit dit is tyd om permanent in die Karoo te boer, en koop Slypfontein buite Loxton." Wian was toe 'n skrander tienerseun van 14 jaar oud.

Bokkies vestig die boerdery op Slypfontein en boer met Merino's, Meatmasters en Angorabokke in die ongenaakbare, klipharde wêreld. Wian kry tuisonderrig tot matriek met sy ma se hulp, en besluit daarna om skaap te skeer vir twee jaar na opleiding deur die NWKV. Daarna het hy vir 'n kort tydjie wild gaan vang. Hy keer in 2019, tydens die droogte, voltyds terug plaas toe om saam met sy pa te boer. "Boerdery is my passie en ek het nooit gedink ek wil iets anders doen nie."

Tydens die droogte was daar nie meer weiding nie, en die boorgate het opgedroog. "Ons grootste terugslag was dat die diere kopervergiftiging gekry het, en ons nie entstof kon kry nie. Die vergiftiging kom van 'n bossie wat, as die skaap dit eet, veroorsaak dat sy goudgeel word en binne 'n week sterf. Jy kan niks met die vleis doen nie. Ons het heelwat skape verloor en aborsies gehad voordat ons uiteindelik entstof in die Kaap kon kry.

"Ons het nou ons les geleer, en as ons die skape na die anderkant van die berg jaag, ent ons hulle vooraf. Die bossie kom net op die een plaas voor, naamlik Spes Bona, wat aan Slypfontein grens. Ons laat die jong ooie daar loop, maar daar is baie koper wat in die ondergrondse water en in die bossie voorkom. Hoe droër dit raak, hoe meer druk die bossie koper uit om homself te beskerm. Dit kom veral in gebiede met ysterklip voor, en die skaap is meer vatbaar as die Angorabok."

Die droogte het intenser geword, en ons het die skape al nader aan die





Wian en Christel Basson van OVK soek 'n bietjie hitte in die vroeë Karoo oggendson.



Die lamhokkies is tydens die droogte opgesit nadat hulle baie lammertjies verloor het weens die ooie wat eerder kos gesoek het as om na hul lammertjies om te sien.

opstal gebring, want daar was nie meer kos in die veld nie. "Die Merino's het swaarder getrek as die Meatmasters, wat 'n bietjie meer reservewevet het en ook minder geëet het. Selfs 'n jaar later kan jy nog steeds die ooie uitken wat swaargekry het. Hul kondisie herstel net nie na wat dit voor die droogte was nie."

'n Verdere ramp wat hulle tydens die droogte getref het, was ooie wat 'n tipe ghries in hul uiers gekry het. "Die bossies was te droog, en die bies het 'n tipe ghries gevorm wat veroorsaak het dat die lammertjie nie melk uit die speen kon kry nie. Ons moes die ooi uitmelk totdat die ghries uit is en ons by die melk kon kom. Ons het toe 'n lek saamgestel om die bies en ghries te verdun.

"Tydens die droogte in 2020 moes ons lamhokkies koop, want ons het baie lammers verloor. Die ooie wat gelam het, het eerder kos gesoek as om oor hul lammertjies bekommerd te wees. Toe ons die ooie in die hokkies laat lam, het die biesprobleem duidelik geword. Een van die werkers het opgemerk dat daar nie melk uit die spene kom nie, en die res is geskiedenis."

Wian verduidelik dat die Merino's hul hoofkomponent is, terwyl die Angoras daar is weens sy pa se liefde vir hulle. Hulle beplan ook om die Meatmasterkudde tot 400 ooie uit te brei. "Ek het reeds genoem dat die Meatmaster meer reserwes as die Merino het, en daarom hanteer hulle 'n droogte beter. Wol bly egter my passie, en daarom sal die Merino altyd my gunsteling bly. Ons hou die twee rasse heeltemal uitmekaar, want ons wil nie kemp in die wol hê nie."

Gedurende die droogte besef hulle dat die ooie weens hul kondisie nie lekker ram wil vat nie. "Ons begin toe vir die eerste keer spons. Vinnig kom ons agter dat dit baie suksesvol is – ons spons 200 ooie, sit hulle almal in hokkies, en kry meer as 200 lammers. Die hokkies was op daardie stadium onder skadunette en seile. Daar staan ons in wind en weer, en dit is nie maklik nie. Hierdie jaar het my pa besluit om 'n stoor op te sit, en nou het ons 200 lamhokkies met water en voer in perfekte toestande."

Veldbestuur op Slypfontein is net so belangrik soos op enige ander plaas.



Christel het met Wian gesels oor Loxton, die boerdery, droogte en wat die toekoms inhou. Skandeer die QR-kode en kyk gerus na die baie gewilde video indien jy dit gemis het.



Die lamhokkies (in die voorgrond) word in 'n nuutopgerigte skuur gehuisves.

"Die een voordeel om die Angora saam met die Merino te boer, is dat jy die bossies op twee wyses benut: die Merino eet 'n sekere deel, terwyl die Angora die ander deel eet. Ons skuif die skape elke maand, maar boer uiters ekstensief. Ons skeer elke ses maande hier by die skeerhok, dan doseer ons en dien toe wat nodig is, en skuif hulle weer veld toe."

"Ons is gewoond aan sowat 240 tot 300 mm reën per jaar, en sneeu help baie omdat dit stadig smelt en diep in die grond indring. As dit vir 'n paar dae sag reën, dan groei die bossie op sy beste. As dit hard reën, is dit lekker om die lope en damme vol te sien."

Wian is opgewonde oor die toekoms. "Ons is soos elke stoetboerdery en wil beter skaap en wol teel. Ons koop elke jaar 'n paar ramme van Heuningkrans in om ons gene aan te vul. Ons gaan die Meatmastergetalle vergroot, en wat interessant is, is dat hulle glad nie bies ghries gekry het soos die Merino nie. Hulle pas ook hul lammers anders op en bly in 'n groep. Die Angora is baie winsgewend, maar verg baie bestuur en tyd hier by ons.

Nadat ons deur die plaas gery het, is dit duidelik dat hierdie harde Karoo nie in almal se bloed is nie. Om hier suksesvol te boer, moet jy innoverend wees, en jy kan nie vir die natuur dikteer wat jy van hom wil hê nie. Dit is iets wat Bokkies en Wian duidelik baie goed verstaan. Die een ding wat hulle egter in oormaat het, is geduld en entoesiasme – 'n voorvereiste om suksesvol in hierdie onvergeefbare Loxton-omgewing te kan boer.



Wian en sy pa, Bokkies, boer op Slypfontein met Merino's, Meatmasters en Angorabokke.


PRATLEY®
For complete
Trust & Reliability.
ACTUAL TEST
Since 1948
3 GENERATIONS
Brand leading adhesives since 1948
Developer of the World's first Epoxy Putty
Pratley Putty is the only South African product on the Moon!
PRATLEY WOOD GLUE
PRATLEY Clear Mould Resistant Silicone
PRATLEY Flexiseal Acrylic
PRATLEY Super Gel glue 3g
Multi-Purpose Adhesive Gel
PRATLEY UV BOND
THE CRYSTAL CLEAR GLASS ADHESIVE 3g
www.pratley.com
PRATLEY STEEL QUICKSET EPOXY 36 ml
PRATLEY PUTTY STANDARD SETTING 100g e (3.5 oz)
Sets rock hard
Hand mouldable
Even cures under water!
PRATLEY QUICKSET WHITE 36ml e (1.2 fl oz)
Sets hard to a glossy white finish
Fast setting
Bonds to most rigid materials
Made in South Africa
+27 11 955-2190
sales@pratley.co.za
/PratleySA
@PratleySA
/PratleySA
/company/pratleysa
www.pratleyadhesives.com
POLICY STATEMENT
"The performance of our products must exceed all others on the world market"

Die vroue van die Oos-Vrystaat het ʼn onvergeetlike ervaring gehad by die Roosskou Vrouedag, wat by die Oranje Gasteplaas tussen Fouriesburg en Clarens aangebied is. Die 185 vroue het aandagtig geluister na die waardevolle tuinmaakwenke van Amanda Windt van Starke Ayres en het die geleentheid gehad om by verskillende stalletjies ditjies en datjies te koop, sowel as om die pragtige rose-uitstalling te bewonder.

Wat is so ʼn dag sonder ʼn bietjie brandewyn? Die dames is bederf met ʼn eksklusiewe "Brandefyn"-proe onder die kundige leiding van Elizna Leibbrandt en Leandi Senekal, wat hulle ook bekend gestel het aan resepte om die dubbelgedistilleerde "Brandefyn" op fyner maniere te geniet. Die oggend is afgesluit met die wonderlike stem van Tobi Jooste, wie se Franse en Italiaanse liedjies ʼn groot treffer onder die dames was en die perfekte afsluiting van ʼn genotvolle dag gevorm het.

Meer as 200 dames het ʻn week later by Leopards & Lace in Bloemfontein bymekaargekom om die "Standard Bank Lief Platteland Vrouedag" by te woon. Hulle was beslis nie teleurgesteld nie en die akteur Hykie Berg het hulle geïnspireer om voluit te leef. Mario Lategan en Thabo Hlongwane het soos altyd die dames betower met hul opgewekte liedjies.

Beide dae was reuse-suksesse, danksy die ondersteuning van vele borge en die deelname van die Vrystaatse vroue. Daar word reeds planne gemaak om volgende jaar nóg meer opwindend te maak, en daar kan uitgesien word na nóg meer lag, nóg meer samesyn en, die belangrikste van alles, nuwe hoop vir ʼn blink toekoms wat op ons almal wag.

# Twee Vrouedae in sewe dae



Foto: Pierce van Heerden











Foto: Pierce van Heerden







Foto: Pierce van Heerden

# Verskaffers ontvang jaarlikse toekennings







Verskaffers van oor die hele land het weer in Ladybrand saamgekom om tydens 'n glansgeleentheid toekennings van OVK te ontvang. Verskeie kriteria word gebruik om genomineerdes en wenners in die onderskeie kategorie te erken.

Die volgende verskaffers is as Verskaffer van die Jaar in hul kategorieë aangewys:

- Santam: Oesversekering
- Hollard: Korttermyn- en bateversekering
- Toyota: Meganisasie en Motors
- Agrinet: Algemene Handel – Diverse
- Zoetis: Algemene Handel: Winkel
- Voermol: Stoor – Landbou
- Macsteel: Stoor – Landbou
- Bayer: Direkte insette
- Auto-X: Algemene Handel: Outomobiel

Al hierdie verskaffers was finaliste om as die algehele OVK Verskaffer van die Jaar aangekondig te word maar **Voermol** het as die wenner vir 2023/24 weggestap.



Engen is as die "Lief Platteland Vennoot" aangewys vir hul bydrae ter ondersteuning van die platteland. Christel Basson staan by Peet Morake van Montego en Maartin Visagie en Jabulani Nzimande van Engen.




Agrinet is as die wenner in die kategorie Agemene
Balti Steenkamp en Yollande Brits by Charl




Voermol is as algehele Verskaffer van die Jaar aangekondig. Hier staan Leon de Klerk en CJ du Plessis by Stéfan Oberholzer en Rocky le Roux van OVK.




e Handel: Diverse aangewys. Conrad van Eeden,
lene le Roux en Rocky le Roux van OVK.




Dumi Ndabambi, Soya Jita en Msuseng Mosupye het die toekenning namens Toyota in die kategorie Megansasie en Motors, van Thinus Botha en Wynand van Niekerk van OVK ontvang.

# Waarvoor wag jy?

*Geduld is nie net die vermoë om te wag nie – dit is hoe jy optree terwyl jy wag. Ek lees hierdie gesegde en dit tref my tussen die oë. Die eerste gedagte wat by my opkom is:*
*Waarvoor wag jy? Ons, as ouers, het gewoonlik 'n hele paar dinge waarvoor ons wag. Groot dinge. Dalk wag jy vir finansiële vryheid, dalk wag jy vir 'n ander werk, 'n nuwe werk of selfs enige werk. Dalk wag jy al jare vir 'n nuwe pos, 'n verhoging of jou groot deurbraak. Miskien is julle verwagtend en wag julle vir die nuwe baba se aankoms of dalk wag jy al so lank om swanger te raak.*

Bekommerde ouers wag dalk buite pediatrie vir uitslae van toetse en ander wag dat hulle kind uit die waakeenheid ontslaan word. Dalk is jy besig om te wag tot jou volgende chemoterapiebehandeling of om te hoor of jou kanker in remissie is. Sommige gesinne moet lank wag vir pappa wat in 'n ander dorp of in die buiteland werk. Dalk wag jy vir reën, dalk wag jy vir 'n goeie oes. Tans wag my kind vir plek in 'n universiteitskoshuis en/of 'n moontlike beurs en in Januarie wag die matrieks vir hulle matriekuitslae. Graad sewes kan nie meer wag vir die Hoërskool nie en man, is ons Graad R leerders nou al moeg gewag, want hulle wil grootskool toe!

Hoe meer ek daaroor dink, hoe meer besef ek watter inherente deel van gesinslewe hierdie wag-ding is. Dit klink heel eenvoudig, totdat jy die een is wat wag dat jou man werk kry, jou man van die VSA af terugkeer of dat jou vrou se kanker genees. Ewe skielik wil ons as ouers dan soos 'n kleuter voete stamp en ongeduldig vir die lewe uitskree: "Ek wil NOU hê my man moet werk kry!" of "Ek wil NOU hê my man moet terugkeer!" of "Ek wil NOU hê my vrou moet gesond word!"

Sien, die gesegde sê juis: Dis hoe jy optree terwyl jy wag, wat belangrik is. Hoe tree jy op? Daar word nie verniet gesê elke huis het sy kruis nie, ongeag waarvoor jy wag. Wat doen jy met daardie geduld of ongeduld? Wanneer ouers onder druk is, gewoonlik omdat hulle moet wag vir wat-ookal, is een van die natuurlikste gevolge







dat die kinders die prys daarvoor moet betaal. Ons kom moeg en geïrriteerd by die huis, ons lonte is baie kort, ons raak opvlieënd, of ons raak stil, ons onttrek, ons neem nie deel nie.

Ons bulder dalk te vinnig as hulle 'n voetjie verkeerd sit of ons sit en kyk kragteloos toe hoe hulle maak wat hulle wil. Jy is so besig in jou kop, op jou telefoon of rekenaar om 'n oplossing te vind om hierdie wagtydperk te verkort, dat jy in jou wagseisoen dalk jou kind/ers heeltemal verwaarloos. Ons gee te min drukkies en ons spandeer te min kwaliteit-tyd saam met hulle. Ons stop nie om net saam met hulle te wees nie, want hierdie wagding dryf en blaas mos hier in jou nek.

Het jy al gehoor van spieëlneurone? Elke kind se brein is toegerus met spieëlneurone. Spieëlneurone is 'n tipe breinsel wat dieselfde reageer wanneer ons 'n aksie uitvoer as wanneer ons sien hoe iemand anders 'n aksie uitvoer. In mamma-taal is dit waar die "Apie sien - Apie doen"-beginsel vandaan kom. Ons kinders boots wat hulle ons sien doen, na. Dis hoekom babas ons gesigsuitdrukkings en maniërismes naboots.

Dis hoekom ons kleuters soos pappa loop en sy handgebare naboots, of soos mamma op die telefoon "praat". Jou kind se brein het 'n sisteem wat letterlik weerspieël wat hulle herhaaldelik by ons sien. En dit, liewe leser, laat my as ouer net weer vandag so 'n bietjie stilstaan. Hier waar ek sit, is ek nie so seker of my gedrag en optrede



tydens my wagtydperk werklik navolgenswaardig is nie. Gestel jou optrede word soos 'n film op alle sosiale platforms gespeel. Nee, nie jou mooibroodjies-bak-optredes by die kerk, die raadsvergadering of die prysuitdeling of by die werk nie, maar tuis – daardie weergawe wat jou huismense kry wanneer jy vuisvoos is van jou dagtake en die wag-ding wat nog hier in jou onderbewussyn woed. As jou woorde soos tatoeëermerke uitgebeeld word en jou aksies oral verfilm is – is dit die spieël waarin my kinders moet vaskyk?

Verwag ons van ons kinders om te wag? Absoluut! Wag vir 'n koekie na ete, wag vir 'n beurt, wag in 'n ry by die winkel, wag in die klas as ek my hand opsteek. In terapie- en onderwyskringe word daar verwys na impulsbeheer. Soveel kinders moet medikasie drink, omdat impulsbeheer en wag baie moeilik is. Soveel kry baklei en raas, juis omdat hulle nie kan wag nie.

My vraag is sommer net – hoe lyk jou gedrag wanneer jy moet wag? Watter voorbeeld kry ons kinders waarvolgens hulle hulle gedrag moduleer? Dalk is dit ook iets wat jy weer moet ondersoek in jou lewe en jou huis. My geduld is amper so kort soos ek, en daarom is hierdie vir my een dekselse taai toffee om aan te kou.

Is wag dan sleg? Dit voel so! Maar die voordeel van wag is dat ons wagtyd ook ons groeityd is. Groei in geloof en groei in geduld. Dit is die tyd waar jy leer om afstand te doen van beheer.

Dit is die tyd waar jy leer van afhanklikheid en verganklikheid. Moet ons ons kinders leer om te wag? Beslis! Sommige geleerdes meen dis een van die belangrikste sleutelvaardighede vir sukses – die vermoë om te kan wag. Dit begin by die aanleer om te wag dat grootmense klaar praat voordat ek praat. Wag in 'n ry of in 'n spreekkamer, sonder dat die slimfoon my besig hou. Wag my beurt af, sonder om te kerm of te kla. Wag vir boetie om eers klaar te kyk, voordat ek my storie kyk. Alles kan nie NOU gebeur, omdat ek WIL nie!

Ons bereidwilligheid om te wag, wys vir ons die waarde wat ons plaas op dit waarvoor ons wag. Mag jou verwagtinge groot wees vir 2025, en jou wagtyd jou groeityd wees.



Igna Kotze is 'n opvoedkundige- en kinderterapeut wat spesialiseer in uitdagings met leer en gedrag, asook ondersteuning van gesinne in geheel. Sy het 'n nagraadse kwalifikasie in Psigo-Opvoedkunde, opleiding in spelterapie en het haar aanvangskennis met kinders en ontwikkeling in die onderwys gevestig en voortgesit in neuro-ontwikkeling. Sy kan gekontak word op igna@ikchild.co.za

TECHNICAL DATA SHEET | AUTOMOTIVE

# Agritrac Super Universal



### *Super Tractor Oil Universal (STOU)*

## Description

Engen Agritrac Super Universal is a new generation
"Super Tractor Universal Lubricant", designed to provide the farmer with ONE top quality, multigrade, multi-functional lubricant. Stocking one lubricant reduces the chances of misapplication and reduces inventory costs. Improvements have been made to the base oils used (the building blocks of a lubricant) to improve its low temperature properties.

The lubricant circulates faster on start-up, reducing wear, as well giving smooth and easy gear selection when the machine is still cold. This improvement also results in smooth quick and accurate operation of the hydraulic system as well as providing excellent 'wet' brake performance without any 'squawk or chatter'. The volatility, or the amount of evaporation at high temperature, has been reduced which results in less topping up of the oil used in the engine.

## Benefits & Features

- Exceeds all major American, European, and Japanese OEM and Industry specifications.
- One multifunctional product reduces inventory and chance of misapplication.
- Exceptional soot dispersancy, preventing deposits on critical engine components.
- Reduced evaporative loss of lubricant due to high quality base oils.
- Excellent TBN characteristics effectively neutralises the acidic by-products of combustion.
- Superior characteristics for accurate operation of hydraulically actuated systems.

## Application

Engen Agritrac Super Universal is recommended for use in Diesel four stroke, both naturally aspirated and turbocharged engines, as well as older petrol engines, manual transmissions, final drives (including those fitted with wet brakes), and hydraulic systems in tractors, harvesters, balers, pumping sets and most other farm equipment where STOU, UTTO, API CG-4/SF, and AP GL-4 performance level lubricants are called for.

## Performance level

Meets or exceeds the following Industry Standards:
- API CG-4/CF-4/CE/CD-II/SF
- GL-4

Meets or Exceeds Approvals & Specifications:
- Ford New Holland M2C 159-C and M2C 134-D
- Massey Ferguson M1135, M1139, M1143, M1144 and M1145
- John Deere J20C and J27
- ZF TE-ML 06/07
- Allison C-4
- Caterpillar TO-2





# ‘n Hond wat ewig knibbel en krap is geen grap.

**Ag, maar die somer is te heerlik. Hierdie tyd van die jaar is uitgeknip vir ernstige aktiwiteite soos huppel in die lang gras en speel in die branders met jou getroue dieremetgesel aan jou sy. Ongelukkig is die warm somersmaande en al daai buite-aktiwiteite ook die oorsaak van menigte velirritasies wat oneindige jeukerigheid en ongemak vir jou hond kan beteken.**

**Parasiete, allergieë, bakteriële infeksies en voedseltekorte mag die rede wees hoekom jou hond alewig krap, knibbel, en lek aan hul vel, pote, en ore. In hierdie artikel kyk ons na simptome en vyf algemene oorsake van jeukerige veltoestande by honde.**

**Let op na die volgende:**

- Aanhoudende gekrap veral op ‘n spesifieke plek.
- Byt of lek aan pote, sye, of die basis van hul stert.
- Rooiheid en ontsteking.
- Haarverlies.
- Skurfheid of korse.

**1. Nat Kolle**

Vir vele brakkies is daar niks so lekker soos om in elke plas, poel en plaasdam te baljaar nie. En wie kan hulle nou kwalik neem. ’n Nat vel en klam pels is egter die perfekte broeiplek vir bakterieë wat akute klam dermatitis, of “hot spots”, veroorsaak. Krap en lek versprei die bakterie vinniger. **Behandeling**: Was jou hond deeglik met ‘n antibakteriese sjampoe. Skeer die area skoon, en behandel die vel gereeld met antibakteriese ontsmettingsmiddel en salf vir honde. Gebruik ‘n kegel halsband sodat die wond kan herstel.

**2. Parasiete**

Soms is daar ‘n vlooi in die kooi. En soms is daai vlooi sommer bosluise, myte, of luise ook. Lang stappies in die veld en speel met ander honde kan maklik lei tot ongewensde parasiete. Nie net veroorsaak parasietbyte allergiese reaksies en jeukerigheid by honde nie, maar hulle dra ook ‘n verskeidenheid ander siektes oor, insluitend lintwurms. **Behandeling:** Antiparasitiese medikasie kan vlooi- en bosluisbesmettings effektief behandel. Aangesien vlooie ongeveer 2000 eiers lê, is dit uiters belangrik om jou omgewing ook te behandel. Stofsuig gereeld, was beddegoed (van mense en diere) in vuurwarm water, en spuit dier-vriendelike parasiet gif.

**3. Omgewingsallergieë**

Allergieë is een van die mees algemene oorsake van jeukerigheid by honde. Dit kan veroorsaak word deur ‘n verskeidenheid faktore, insluitend voedselbestanddele en omgewingselemente soos gras, stof, stuifmeel, stofmyte, muf, en skoonmaakprodukte.

**Behandeling:** Bloedtoetse en velskraapwerk mag nodig wees om die oorsaak te bepaal. Jou veearts kan medisinale sjampoe, tablette, inspuitings, of kortisoon sproei aanbeveel. Lang-termyn gebruik van voedsel, soos JOCK hondekos, wat essensiële Omega 3 en 6 vetsure bevat mag help om die impak van omgewingsallergene te verminder.

**4. Swaminfeksies**

Swamme en gisse veroorsaak inflammatoriese veltoestande. Twee van die mees algemene probleme is omlope (ringwurm) en Malessezia (gis) dermatitis. Omlope is hoogs aansteeklik. Kyk vir ronde korse op die voorbene, pote, ore en kop. Malessezia swamme groei in warm, klam areas. Dit veroorsaak oorkanaalinfeksies en huisves tussen jou hond se tone, in die lies, en perineum. **Behandeling:** Aangesien velswamme, veral omlope, maklik versprei na ander familielede moet dit spoedig gediagnoseer en behandel word. Behandeling behels dikwels 'n kombinasie van swamdodend pille, antibiotika, oordruppels, salf, sproei en sjampoe.

**5. Droë vel**

Honde kan, nes mense, aan 'n droë vel ly. Dit beteken skilfers en 'n aanhoudende gejeuk. Hierdie toestand kan vererger word deur jou hond gereeld te bad, veral met sterk sjampoe wat die vel van sy natuurlike olies stroop. **Behandeling**: Vir 'n droë vel kan hondekos met natuurlike olies en Omega 3 en 6 essensiële vetsure help om jou hond se vel te versterk. Hierdie vetsure het ook anti-inflammatoriese eienskappe wat jeukerigheid kan verminder.

Hou hierdie seisoen 'n ogie op jou hond se gedrag. As dinge krapperig raak kan jy vinnig reageer om seker te maak jou hond kry die regte behandeling om jeukerige veltoestande te bekamp.

Jy kan jou hond se vel versterk met die regte dieet. Bobaas hondekos, soos JOCK, word verryk met essensiële Omega 3 en 6 vetsure. Deur JOCK hondekos te kies ondersteun jy jou beste vriend met die voedsel wat hul benodig vir 'n gesonde vel en pels.

Be a Legend
SUPPORT LOCAL

JOCK-hondekos is wetenskaplik geformuleer om jou hond se innerlike legende los te laat, want helde word nie gebore nie, maar gemáák.

JOCK-hondekos is ryk in proteïne en propvol noodsaaklike minerale en vitamiene om in jou hond se daaglikse voedingsbehoeftes te voorsien, sy algehele gesondheid te beskerm en te handhaaf, en te verseker dat jou beste vriend op sy fisiese en verstandelik beste is om al die lewe se avonture te geniet.

Unleash your Dog's Inner Legend

Beskikbaar by geselekteerde OVK takke.




UNLEASH YOUR DOG'S INNER LEGEND

www.jockdogfood.co.za | 010 271 4289

JOCK Verkoopsadviseur: Wayne Theunissen
Wayne.Theunissen@afriquepetfood.com

# Jong boer is vol planne vir 'n volhoubare toekoms

*Dit is nie aldag dat jy 'n jong man ontmoet wat sy boerdery van niks af begin het nie en wat 'n paar jaar later, met verskeie vertakkings, aangewys word as die Oos-Kaapse Jongboer van die Jaar 2024. Dwayne Kaschula boer boonop op die plaas Confluence buite Maclear, geleë in een van die mooiste natuurstreke in die land.*

Dwayne word groot in Ugie waar hy skool gaan by die plaaslike laer- en hoërskool en gaan werk daarna op 'n plaas in die omgewing. "Ek het 'n paar beeste gehad, en aangesien ons naby die Transkei was, het ek so 'n bietjie met osse in my eie tyd gespekuleer en dan weer 'n paar beeste aangekoop. Ek het op daardie stadium 'n stukkie grond gehuur waarop die beeste kon loop.

"Ek het altyd by Confluence verbygery en verlief geraak op die plaas; ek wou altyd hier boer. In 2005 het ek met banke begin onderhandel, maar ek het geen sekuriteit in my persoonlike naam gehad nie, en daarom wou die banke my nie finansier nie." Dwayne weier egter om moed op te gee, en 'n jaar later het hy met die eienaar, Oom Kiewiet Henning, begin onderhandel. "Ons het toe ooreengekom dat ek die plaas direk by hom koop en in paaiemente betaal. In 2006 trek hy sy beeste na Confluence toe en sluit 'n jaar later by hulle aan. Dit het my ses jaar geneem om die plaas klaar te betaal."

Dwayne het die plaas as 'n aktiewe boerdery oorgeneem met beeste en 'n paar ou trekkers en implemente. "Ek het geweldig baie ondervinding by Rob Ferrington opgedoen oor verskeie aspekte van die boerdery en het toe so 'n bietjie begin saai, met mielies wat ek kon bekostig. In 2009 het ek besef dat ek sou moes diversifiseer met 'n kontantgewas om op die plaas te kon bly. Ek het toe 'n lening gekry om 'n spilpunt op te rig. Daarna het ek aartappels geplant, asook 'n ou aartappelwasser gekoop."


Baie geluk aan Dwayne



Danny Boucher, OVK Elliot takbestuurder, kuier saam met Dwayne en Melissa Scheepers van OVK Media in die aartappellande.




Vandaar het Dwayne net aanhou groei en al sy wins teruggeploeg in die boerdery. "Met die seëninge van die Here kon ek my veegetalle opbou en die aartappelhektare laat groei. Ek het vir 'n paar jaar so aangegaan en met kontantvloei van die aartappels gediversifiseer na wildboerdery. Ek het ook besluit om waarde toe te voeg tot my beeste en my Brangusse op te gradeer na die Confluence Brangus-stoet en Confluence Angus-stoet."

**"My doel is om waarde tot die plaas toe te voeg in alles wat ons doen om volhoubaar te bly."**


Hy het so gegroei dat hy later meer mielies geproduseer het as wat hy deur sy vee kon gebruik, en het toe sy mielies begin versak. "Ek het mielies in 2kg-, 10kg- en 40kg-verpakkings gepak en binne 'n radius van 250 km markte gaan soek. Dit het skielik na 'n goeie besigheid gegroei, en binne vier maande het ek al my mielies verkoop. Ek kon toe nie die markte waar ek voorsien het, in die steek laat nie en het begin om mielies aan te koop, totdat ek later meer aangekoop het as wat ek self kon produseer. Dit het vir 'n paar jaar so aangegaan, en ek het selfs besluit om my produkreeks uit te brei deur suikerbone ook in kleiner verpakkings te verpak."

Hy is van mening dat die beheer van die waardeketting die enigste manier is waarop landbou volhoubaar kan wees. "Ek persoonlik het nie 2 000 hektaar om te saai nie, so wat ek doen





Eiers word in 'n stoor gesorteer, verpak en na markte in die omgewing vervoer. Dwayne wil die produksie heelwat in die nabye toekoms verhoog.



moet so naby as moontlik aan die eindverbruiker geskied om volhoubaar te bly."

Dwayne vertel dat die verspreiding van die verpakte produkte onder druk gekom het toe die mielieprys gedaal het en baie ander boere ook verpakte produkte begin verkoop het. "Die winsmarge het geval, en dit is 'n grootvolume-besigheid. Vervoer is duur, die paaie raak slegter, en ek het begin voel dat ek myself in 'n hoek in gedryf het."

In 2023 het Dwayne navorsing gedoen en besef dat lêhenne goed op die plaas sal werk. Hy bou twee ultramoderne hoenderhuise en beplan om in Augustus 2026 die derde een operasioneel te hê. Hulle koop op hierdie



Dwayne beplan nog 'n addisionele volledig outomatiese hoenderhuis teen 2026. Elke huis kan 25 000 lêhoenders hanteer.

stadium lêhoenders aan wat op 17-18 weke arriveer en tot op 85-90 weke produseer. Hy beplan ook om in dieselfde jaar 'n groeihuis te bou wat kuikens vir die produksiehuise sal voorsien.



Aartappels bly een van die kern gewasse op Confluence.



Dwayne het in 2007 na Confluence getrek en die plaas opgebou met verskeie vertakkings wat elkeen waarde tot die plaas moet toevoeg.

Die hoenderhuise is ten volle geoutomatiseer en huisves elk 25 000 hoenders. Die eiers en mis beweeg op voerbande, en die eiers word aan die einde van die hok van die bande afgehaal en gesak om gesorteer te word. Weens biosekuriteit word personeel tot die minimum beperk.

"Ek kan al my mielies deur die henne laat gaan. My vervoer verander nou om 5 ton kos 2 km aan te ry en 2 ton eiers mark toe. Dit beteken 'n verandering van interlinks na 'n 5-ton trok wat nou dieselfde waarde as die verpakte mielies en suikerbone tot die plaas toevoeg."

Dwayne se kop is so besig met nuwe idees dat ek wonder hoe hy byhou met al sy gedagtes. "Elke hoender produseer 5 watt energie, en op die oomblik blaas ons daardie hitte uit die hok. Nou gaan ons probeer om die hitte te gebruik om die mis te droog en te verpil. Dit skep nog 'n produk wat ons kan verkoop en waarde toevoeg."

Dwayne is ook aandeelhouer in 'n abattoir naby Maclear waar hulle vee en wild verwerk. "Ek kry nie noodwendig 'n beter prys nie, maar wel 'n beter slagpersentasie. Die abattoir is 'n afsonderlike besigheid wat slagdiere aankoop en vleis aan die plaaslike mark bemark. Daar is vir seker geleentheid om te groei, en dit is een van ons doelwitte."

Benewens die hoenders voer hy ook mielies aan die beeskuddes en sê hy sal sy mielieproduksie moet aanpas by die verhoogde hoendergetalle. "Weens die baie reën wat ons kry, is voerkraalomstandighede nie geskik vir ons area nie en loop die beeste op die veld."

Eierpryse sal waarskynlik in die toekoms daal, maar dis hoekom ek die hoendermis wil verwerk om die inkomste te maksimeer. Ek het ook die hoenderhuise op hul eie grond gebou vir biosekuriteit, en as ek dit eendag wil verkoop, is dit dus op 'n aparte titelakte."

Hierdie jongboer sien geleenthede waar ander nog wonder wat om te doen. Hy het begin met 'n paar beeste en geen bank wat hom geld wou leen nie, en na 18 jaar is hy die Oos-Kaapse Jongboer van die Jaar.

**Dwayne is teen druktyd as Toyota SA/Agri SA se Jongboer van die Jaar aangewys.** Dit is 'n eer wat hy verseker verdien! Dit is sekerlik nie die laaste keer dat ons van Dwayne Kaschula sal hoor nie – 'n merkwaardige jong boer!



Melissa Scheepers van OVK Media gesels met Dwayne oor sy boerdery en toekenning. Skandeer die QR-Kode indien jy die video op Facebook gemis het.

# Oos-Kaap boere teel aangepaste ramme vir veld



**Ry deur die poorte van die Wittebergreeks naby Willowmore, en jy sal 'n bordjie sien wat aandui dat jy nou in die wêreld van sybokhaar is. Bokke is reeds sedert die 1870's in hierdie omgewing en ook by Jansenville gevestig. Ons het drie produsente, wat betrokke is by 'n nuwe ramprojek genaamd Alpha Angoras, besoek om meer oor hierdie opwindende teelprogram te hoor.**

Kobus Lötter boer sedert 2012 op die plaas Du Preez Kraal in die Willowmore-omgewing. Hy trou in 2015 met Nemari wat saam met hom op die plaas boer. Die Angoras is nou al vir vier geslagte deel van hul boerdery, waar hulle ook met 'n boerbokstoet en Meatmasters boer.

Hierdie gebied kry tussen 200 – 250 mm reën per jaar en vereis robuuste diere wat in sulke omstandighede kan oorleef en produseer. "Ek kies eerder vir medium-sterk as medium-fyn vesels om meer gewig af te skeer. Ek skeer die klein bokkies in Januarie en einde Junie en dan weer in Desember. By die vierde skeersel val hulle saam met die groot bokke in."

Kobus het streng begin selekteer om self ramme te voorsien om sy kudde te verbeter. "Vir my is dit belangrik om soliede hare met gewig af te skeer, en die dier moet ook aanpas by veldtoestande. Dit is 'n ekstensiewe omgewing met 'n KVE draagkrag van 1 op 3 tot 4 hektaar." Ongediertes bly 'n uitdaging, en die stoetooie lam in kampies naby die opstal sodat Kobus hulle makliker kan dophou.

"Ek selekteer teen ooie wat nie lam of nie na hul lammers omsien nie. Uit ondervinding weet ek dat hoe moeiliker die jaar was weens droogte, hoe moeiliker is dit vir die ooi om die lammetjie groot te maak. Die afgelope twee jaar was genadiglik makliker, met beter reën, en die ooie het genoeg melk gehad. Ons laat die Angora-ooie nie in hokkies lam nie; ek glo die ooi moet natuurlik vir die lammetjie sorg."

Marx Strydom boer sedert 2004 in die Jansenville Noorsveld op die plaas Erekroon met Merino's, Angoras en Meatmasters. In 2017 trou hy met Hanri en sluit sy by hom op die plaas aan. Angoras is al vier geslagte lank in sy familie, en hy het al 'n geruime tyd die behoefte om veldgetoetste prestasieramme in sy kudde te gebruik. Volgens hom is daar uitstekende genetika beskikbaar, maar dit is afkomstig van versorgde bokke en nie uit sy ekstensiewe produksiesisteem nie.

"Ek het die behoefte gesien vir ramme wat op die veld getoets word, onder andere met 'n kondisie-telling, aangesien dit die grootste uitdaging in die Angora-bedryf is. Vet bly 'n mooi kleur,



begin het. "Dit was vir my lekker om te sien hoe my bokke by hom presteer, en ons het saam toetse begin doen." Fourie Vosloo van OVK het betrokke geraak toe ons besef het hoe groot die behoefte is en dat dit noodsaaklik is om bokke omvattend te toets. Kobus het ook aangesluit, en hulle doen nou 'n prestasietoets van ses maande sonder enige byvoeding.

Ripple vertel dat hy oor twee jaar se projekte die verskil gesien het in die ramme wat hy teruggeplaas het in sy kudde. "Dit is 'n ram wat jy uit die veld uithaal, op jou plaas aflaai, en hy begin dadelik werk in jou omstandighede. Die versorgde diere is baie mooi, maar dit neem 'n ram 'n jaar om aan te pas."

Marx vertel dat hy 'n 25% verlies ervaar met ramme wat hy uit versorgde stelsels inkoop. "Hulle gaan nie noodwendig dood nie, maar pas net nie aan nie, kry nie kondisie nie, en jy kan hulle eenvoudig nie gebruik nie. Dit was die hoofdryfveer agter Alpha Angoras."

Hy verduidelik verder dat hulle altyd die droogtetoestande waaronder hulle boer, moet bestuur. "Dit kom neer op risikobestuur, en ons bestuur die weiding met diere op 'n ekonomiese wyse. Die Angorabok kan oorleef op baie min en selfs met beperkte hulpbronne presteer. Dit is 'n ongelooflike geharde dier wat hier soms oorleef op droë Noorsdoring in die veld."

Oor die huidige sybokhaarprys het Marx die volgende opgemerk: "Jy moet koste-effektief op jou natuurlike

maar om daardie diere aan te pas by kommersiële ekstensiewe toestande, is baie moeilik."

Ripple Brits en sy vrou, Elbie, se storie is uniek omdat hulle in die stad grootgeword het en na 'n paar jaar in Mosselbaai, die stilte van 'n Karoo-dorpie gesoek het, waarna hulle na Jansenville getrek het. In 2018 het hulle 80 km verder 'n stukkie grond genaamd Request, langs die Addo Nasionale Park gekoop met 62 kapaters op. "Ons het niks van boerdery, Angoras, of sybokhaar geweet nie, maar die gogga het ons toe gebyt. Na 'n tydjie se gesukkel met die kapaters, het ons besluit om net ooie aan te hou."

Marx vertel dat hy 'n mentor vir Ripple geword het toe Ripple met boerdery



Christel Basson saam met Jacques du Toit, 'n OVK TVB, het by Kobus Lötter in Willowmore gaan kuier.




Marx Strydom (links) is 'n vierdegeslag Angoraboer in die Jansenville Noorsveld, en Ripple Brits het ses jaar gelede met bokkies begin boer langs die Addo Nasionale Park, met Marx as mentor.



Die doel van die Alpha Angoras-teelprogram is om veld-aangepaste, robuuste ramme vir die teler- en kommersiële markte te teel.



Christel het ook 'n video opgeneem waarin Kobus, Marx Strydom en Ripple Brits gesels oor die Alpha Angora's en hul teelprogram. Skandeer die QR-kode om na hierdie insiggewende onderhoud te kyk.



Uit die lug kan 'n mens duidelik die strawwe omstandighede sien waarin die bokkies moet oorleef en produseer. Dit is nie meer ekonomies haalbaar om addisionele voeding te verskaf nie, en daar is 'n groot vraag na veld-aangepaste diere.

hulpbronne vesel produseer. Jy kan ekonomies oorleef teen vlakke van R330 – R340, solank daar geen byvoeding nodig is nie. Sodra jy diere moet versorg, maak dit ekonomies nie meer sin nie."

Marx skeer tans elke ses maande 1,7 kg van 'n ooi. "My pa het 600 g van 'n bokkie geskeer, en deur 'n paar seleksie-aanpassings en die gebruik van aangepaste ramme, skeer ons nou 1 kg op die eerste skeer, sonder enige byvoeding."

Wat is die drie Oos-Kaapse Angora-produsente se plan met Alpha Angoras? "Ons produseer tans surplus-ramme vir ons eie behoeftes. Ons wil graag hierdie veld-aangepaste en getoetste ramme aan ons kommersiële boere, soortgelyk aan ons, beskikbaar stel. Dit is boere wat die uitdagings van die ekonomie op grondvlak verstaan. Daar is baie versorgde, mooi ramme op die mark, maar nie ons tipe geharde ram nie," verduidelik Marx.

Die eerste ding wat 'n mens besef as jy van hierdie plase af wegry, is hoe ongenaakbaar dit daar is. Hulle kry min reën, maar het oor geslagte heen geleer om ekonomies volhoubaar in moeilike omstandighede te boer. Klein veranderinge soos seleksie- en teelprogramme kan 'n groot verskil in die winsmarge maak. Kyk gerus uit vir Alpha Angoras se eerste produksieveiling op 12 Februarie 2025 in die Willowmore-omgewing. Hulle ramme mag dalk net die verskil maak waarop jy in jou kudde gehoop het.

NUTRI FEEDS

Die Formule vir Sukses

## FASE 4

***Sodra die kwaliteit van die weiding asook die beskikbaarheid daarvan afneem, moet Nutri Produksielekke vir die diere aangebied word. Produksielekke word ook aanbeveel aan diere wat teen vlakke bo onderhoud gevoer word, o.a. laat dragtige koeie of ooie, lakterende diere, vinnig groeiende diere of diere wat se kondisietelling nie na wense is nie. Lek Konsentaat 80 word vermeng om 'n produksielek te kry.***

## FASE 1

***Somerweidings se primêre tekort is Fosfor (P) en area-spesifiekespoor-mineraaltekorte. Voer Nutri se Somerlekreeks op groen sappige weidings.***

# SEISOENALE LEK-KALENDER

SOMER-LEKKE

NOV, DES, JAN, FEB, MRT, APR
FOS 12, FOS 6, FOSFOR TUB

OORGANGS-LEKKE

WINTERBREKER 32, ENERGIE TUB
APR, MEI

WINTER-LEKKE

WINTER 40, BEES 50, PROTEÏEN TUB
MEI, JUN, JUL, AUG

PRODUKSIE-LEKKE

SEP, OKT, NOV
LEK KONSENTRAAT 80
ENERGIE 18

## FASE 3

***Sodra die kwaliteit van die weiding verder verswak, kan daar na `n volwaardige Winterlek geskuif word wat hoog in beide minerale en NPN is. Die doel van die winterlekke is om die rumen mikroörganismes se primêre tekort aan te vul en sodanig die benutting van die weiding te stimuleer. Winterlekke het gevolglik `n komplimentêre effek tot weiding en lei nie tot substitusie van die weiding nie.***

## FASE 2

***Sodra die kwaliteit van die weiding verswak, tipies na die blomstadium van die weidings, kan oorgegaan word na `n oorgangslek.***

www.nutrifeeds.co.za

018 011 8888

*Nutri Lek Fos 12(V 5008), Nutri Lek Fos 6(V 8874) Nutri Tub Fosfor (V 14996), Nutri Tub Proteïen(V 14994), Nutri Lek Winterbreker 32(V 3342), Nutri Lek Bees 50(V 5252), Nutri Lek Winter 40(V 17401), Nutri Lek Konsentraat 80(V 19002), Nutri Tub Energie (V 17053), Nutri Lek Energie 18(V17402). Verwys na produketiket vir volledige gebruiksaanwysings en waarskuwings.*



# Oesvooruitskatting

*Produsente se voorneme om somergewasse te plant is hoofsaaklik gebaseer op die resultate van 'n nie-ewekansige opname onderneem deur die Direktoraat: Statistiek en Ekonomiese Analise van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling en weerspieël die situasie teen die middel van Oktober 2024.*

Volgens die resultate van die opname, is kommersiële produsente van voorneme om 2,640 milj. ha mielies vir 2025 te plant, wat 0,1% of 3 850 ha meer is as die 2,636 milj. ha aangeplant verlede seisoen.

Die syfers toon dat produsente van voorneme is om 1,578 milj. ha **witmielies** aan te plant, wat 22 850 ha (1,5%) meer is as in die vorige seisoen. In die geval met **geelmielies** is die verwagte aanplantings 1,062 milj. ha, wat 19 000 ha (1,8%) minder is as in die vorige seisoen.

In die geval van **sonneblomsaad** word die verwagte aanplantings beraam op 540 000 ha, wat 2,1% of 11 000 ha meer is as die 529 000 ha aangeplant verlede seisoen.

Die voorgenome **sojaboon**-aanplantings toon 'n toename van 0,2% of 2 700 ha, in vergelyking met die vorige seisoen - vanaf 1,150 milj. ha tot 1,153 milj. ha.

Die verwagte aanplantings van **grondbone** gaan afneem met 2,9% of 1 200 ha, van 41 200 ha tot 40 000 ha.

Die voorgenome aanplantings van **sorghum** sal na verwagting toeneem met **28,3%** of 11 900 ha na 54 000 ha, in vergelyking met die vorige seisoen.

Die verwagte aanplantings van **droëbone** word beraam op 45 105 ha, wat 14,0% of 5 555 ha meer is as in die vorige seisoen.

Die verwagte produksie vir **koring** is 1,965 milj. ton, wat 1,34 % of 26 000 ton meer is as die vorige skatting van 1,939 milj. ton, terwyl die verwagte opbrengs 3,89 t/ha is.

Die verwagte produksie in die Wes-Kaap is 1,122 milj. ton (57%), wat 18 400 ton meer is as die vorige skatting van 1,104 milj. ton. In die Noord-Kaap is die beraamde produksie 285 000 ton (15%) – 2,74 % of 7 600 ton meer as die vorige skatting van 277 400 ton. In die Vrystaat is die verwagte produksie 227 850 ton (12%) – dieselfde as die vorige maand se skatting.

Die oppervlakteskatting vir koring is 505 300 ha, waarvan 'n geraamde 368 000 ha of 73% in die Wes-Kaap geplant is, 49 000 ha of 10% in die Vrystaat en 38 000 ha of 8% in die Noord-Kaap.

Die produksieskatting vir **gars** is 385 035 ton, wat 3,39% of 13 500 ton minder is as die vorige maand se skatting van 398 535 ton. Die oppervlakte beplant word beraam op 100 700 ha, terwyl die verwagte opbrengs 3,82 t/ha beloop.

Die verwagte **kanola**-oes is 295 165 ton, wat 0,18 % of 520 ton meer is as die vorige skatting van 294 645 ton. Die oppervlakteskatting vir kanola is 165 750 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,78 t/ha.

Die verwagte oes vir hawer vir die 2024-seisoen is 62 300 ton en die oppervlakteskatting is 31 000 ha. Die verwagte opbrengs is 2,01 t/ha.






OVK
KUNSMIS | FERTILIZER

Contact OV fertiliser for your fertilizer needs! We are happy to help, even at short notice.

**FOR FURTHER INQUIRIES REGARDING FERTILIZERS, CONTACT**

**Bethlehem office number:** 058 303 1348
**Derik Grobler:** 071 674 2832 • derikg@ovk.co.za

# *Oesversekering* nou noodsaaklikheid



*OVK Versekering is ʼn gevestigde makelary wat reeds oor baie jare heen goeie en betroubare besigheid met kliënte doen, ongeag die tipe kliënt, beroep of onderneming. Betroubare versekeraars word genader vir effektiewe en kostedoeltreffende kwotasies aan kliënte.*

OVK Versekering is ʼn rolspeler in die korttermynwêreld, wat bate- en oesversekering insluit. Korttermynkwotasies word gelewer ten opsigte van persoonlike, kommersiële en agriversekering. Spesialisprodukte wat "taxi"-versekering, versekering vir beheerliggame asook verskeie VAP's (value added products/waardetoegevoegde produkte) insluit, is ook beskikbaar.

Oesversekering is ʼn kritieke belangrike diens wat OVK Versekering aan sy produsente lewer. Elkeen se oes is waardevol en moet beskerm word. OVK se Versekeringspan is opgelei om die nuutste en beste dekking vir u aan te bied om u aanplantings teen natuurelemente te beskerm.

Verskeie dekkingsopsies soos hael-, transito-, brand- en ryp- (op seleksie), sprinkaan- en SASRIA-versekering word aan produsente gebied. Multi-risikodekking is ook beskikbaar, wat wyer dekkingsopsies ten opsigte van verwagte oesopbrengs bied.

Bona fide boere wat hul dekking deur OVK Versekering plaas, geniet unieke voordele by OVK, soos onder andere lojaliteitskorting.

Lojaliteitskorting word bereken op die kommissie van die polis. Dit word aan u as produsent teruggegee, waarna daar vir u OVK aandele daaruit gekoop word. Gegewe die feit dat alle makelaars dieselfde tarief ontvang vanaf die versekeraars, is dit voordelig vir u as kliënt om met OVK Versekering besigheid te doen.

Premies wat teen OVK rekeningfasiliteite gedebiteer word, gee ook vir u die geleentheid om die betrokke premie op ʼn latere stadium te vereffen.

Die lojaliteitskorting en OVK rekeningfasiliteitsvoordeel is van toepassing op beide bate- en oesversekeringspremies.

OVK Versekering het uitstekende verhoudinge met verskeie versekeraars,



wat die onderhandelinge vergemaklik en gemoedsrus aan u as kliënt gee. Ons het ʼn nommerpas-oplossing vir u unieke behoeftes en ons waarborg dat u waardevolle bates veilig is by ons. OVK Versekering het ʼn span opgeleide personeel wat vinnige en effektiewe diens aan u kan bied. Kontak u adviseur of 051 923 4591 vir meer inligting. OVK Versekering is ʼn gemagtigde finansiële dienste-verskaffer met FSP nommer 909.




Boerdery verander konstant. Behoort jou versekering nie dieselfde te doen nie? As markleier, met meer as 105 jaar se ondervinding en 'n landwye infrastruktuur, kan jy staatmaak op Santam om aan te pas by wat ook al volgende kom.

**Gesels met jou tussenganger of gaan na santam.co.za/products/agriculture om uit te vind wat ons landbouversekering jou alles bied.**

santam

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416), 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

# Gholfdag samel broodnodige fondse in

Die 32ste OVK Liefdadigheidsgholfdag is in Ladybrand aangebied en is deur 'n rekordgetal van 46 spanne ondersteun. Die spelers, hoofsaaklik verskaffers van OVK, het van regoor die land gekom om hierdie geleentheid, sowel as die funksie van die vorige aand waar toekennings oorhandig is, by te woon.

Die weer het hierdie jaar wonderlik saamgespeel, en met 11 natgate was daar volop lafenis vir die spelers op die baan. Die wenners van die spankompetisie vanjaar was PH Attorneys met 111 punte, en Kynoch Kunsmis en Novon Protecta het die tweede plek gedeel met 110 punte. Virbac het die toekenning vir beste spangees ontvang, terwyl Montego vir die beste kleredrag bekroon is.

Die fondse wat deur hierdie dag gegenereer word, word verdeel onder finansieel behoeftige instansies wat noodsaaklike welsyndienste aan die gemeenskap oor OVK se bedieningsgebied lewer. Die styging in voedselpryse en ander lewenskoste plaas groot druk op hierdie instansies om te kan voortbestaan en hul dienste te lewer, wat beteken dat fondsinsamelingsdae soos die OVK Gholfdag 'n kritieke rol vervul.









Die wenners van die spankompetisie, PH Attorneys, het hul trofees van Toyota Cheetahs Jeandre Rudolf en Carl Wegner en OVK se Stefan Oberholzer en Rocky le Roux ontvang.







OVK MEGANISASIE

# GEBRUIKTE TOERUSTING

Vir meer inligting oor elke gebruikte toerusting skandeer die QR kode en kyk na die video vir instruksies om die OVK App te installeer. As jy die app installeer het, gaan na Meganisasie en Meganisasie Beskikbaar om meer van die gebruikte toerusting te sien.



Hopetown

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2018
Model: 7618 (2500 Ure)
Prys: R1 550 000 BTW Uitgelsuit




Bethlehem

Maak: KVERNELAND
Jaar: 2021
Model: KVERNELAND GEOSPREAD
Prys: R 380 000 BTW Uitgelsuit



Hopetown

Maak: John Deere
Jaar: 2011
Model: 6930MFWD CAB
Prys: R 500 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: John Deere
Jaar: 2022
Model: 8R410 Duals - Front & Rear
Prys: R5 200 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: John Deere
Jaar: 2002
Model: 8420 Duals
Prys: R500 000 BTW Uitgelsuit



Hopetown

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2022
Model: 7720
Prys: R 2 300 000 BTW Uitgelsuit



Hopetown

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2022
Model: 8727
Prys: R 3 150 000 BTW Uitgelsuit




Clocolan

…aak: Welger
Jaa… 2017
Model: …
Prys: R340 000 BTW Uitgelsuit



Cradock

Maak: John Deere
Jaar: 2008
Model: 5820MFWD
Prys: R 210 000 BTW Uitgelsuit

VIR VERDERE NAVRAE, KONTAK JOU NAASTE MEGANISASIE BEMARKER:

**BETHLEHEM**
Pieter v/d Walt: 082 821 8868
Gerrie Coetzee: 066 290 3366
Wimpie Nel: 079 497 6015

**CLOCOLAN**
Jan Joubert: 060 967 1517
Tiaan Claassens: 082 823 0196

**CRADOCK**
Johan Hoon: 082 386 5777

**HOPETOWN**
Michael Wooberg: 082 787 7114
Dewald Olivier: 082 309 8704

OVK MEGANISASIE

# GEBRUIKTE TOERUSTING

Vir meer inligting oor elke gebruikte toerusting skandeer die QR kode en besoek Meganisasie op OVK se webblad. Beweeg tot by "Beskikbaar" om elke produk maklik te kan oopmaak.



Hopetown

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2021
Model: 8737 Duals - Front & Rear Wheels (2400 Ure)
Prys: R3 450 000 BTW Uitgelsuit



Cradock

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2020
Model: MF6712
Prys: R 580 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: Fendt
Jaar: 2019
Model: 828 Vario Dual Wheels
Prys: R 2 800 000 BTW Uitgelsuit



Hopetown

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2021
Model: 7726S Front Hitch & PTO (3220 Ure)
Prys: R2 250 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: Fendt
Jaar: 2018
Model: Fendt 1050 Vario Dual Wheels
Prys: R 3 600 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: Fendt
Jaar: 2022
Model: Fendt 942 Vario Single Wheels
Prys: R 4 350 000 BTW Uitgelsuit



Cradock

Maak: Rovic
Jaar: 2020
Model: Rovic RF3500
Prys: R 180 000 BTW Uitgelsuit



Bethlehem

Maak: Massey Ferguson
Jaar: 2019
Model: 7618
Prys: R 1 250 000 BTW Uitgelsuit



Hopetown

Maak: Fendt
Jaar: 2018
Model: Fendt 828 Vario Single Wheels
Prys: R  2 600 000 BTW Uitgelsuit

VIR VERDERE NAVRAE, KONTAK JOU NAASTE MEGANISASIE BEMARKER:

**BETHLEHEM**
Pieter v/d Walt: 082 821 8868
Gerrie Coetzee: 066 290 3366
Wimpie Nel: 079 497 6015

**CLOCOLAN**
Jan Joubert: 060 967 1517
Tiaan Claassens: 082 823 0196

**CRADOCK**
Johan Hoon: 082 386 5777

**HOPETOWN**
Michael Wooberg: 082 787 7114
Dewald Olivier: 082 309 8704



# Wildvang nou deel van dienste



*OVK brei sy gediversifiseerde dienste verder uit deur nou, in samewerking met Goldfields Game Capture, ook wildvangdienste te lewer. Menige landbouprodusent het 'n oormaat wild wat oorbeweiding veroorsaak en die natuurlike weiding van vee negatief kan beïnvloed. Nou is daar 'n eenvoudige oplossing om van die probleem ontslae te raak.*

Gert Loots is al vir die afgelope tien jaar aan die stuur van Goldfields Game Capture en met twee volledige vangspanne kan hulle die hele land diens. "Ons besoek die boer op sy plaas en bespreek hul behoeftes rondom die vangs. Daar is geen koste vir die verkoper met massavangste nie en uitgetalings aan produsente word deur OVK gedoen." Alle risiko tydens die vangste berus by Goldfields Game Capture.

Daar is 'n aantal faktore wat die massavangs van wild beïnvloed en deeglik bespreek moet word tydens die beplanningsfase. "Ons het in die afgelope drie jaar 20 000 diere regoor die land gevang en kyk eerstens na:

- die kondisie van die diere, die weersomstandighede;
- die veiligste en mees effektiewe vangmetode;
- die vervoer van die diere;
- die diere se gesondheid na die vangs;
- en, laastens, die veilige aflewering van die wild by die nuwe eienaar,"

Goldfields Game Capture se twee spanne beskik elk oor hul eie helikopter en ervare wildvang-vlieënier om die vangproses professioneel en doeltreffend te voltooi. "Ons beskik oor ons eie trokke, 'n veearts vir pylwerk en 'n groot seil- en netkraal vir massavangste. Om die proses vlot te laat verloop, beskik ons oor 30 ervare personeellede, asook buffelwaentjies wat die hantering van buffels maklik en gerieflik maak."

Boere wat die behoefte het of belangstel om van hul wild te laat vang en uit te dun, kan hul OVK Lewendehawebemarker of Elrina van Zyl van OVK Lewendehawe by elrinavz@ovk.co.za kontak.


WOW SCALES
Affordable Weighing Solutions
sanas
DANKIE VIR AL DIE ONDERSTEUNING IN 2024.
Kontak ons:
Bloemfontein: 051 432 9552
Sannieshof: 079 388 0459
www.wowscales.co.za
Verskaf en Onderhoud van:
• Weegbrue • Silo Skale
• Saad Waens • Lewendehawe
• Sagteware • Platform Skale
Diens Areas:
Noord-Wes, Vrystaat, Noord-Kaap, Oos-Kaap, Lesotho


GEHALTE PRODUKTE
VIR VERBETERDE LAM- EN SKAAPPRESTASIE
• Hoëgehalte deurvloeiproteïen stimuleer gehalte melkproduksie en -vloei.
• Voorkom die produksie van klewerige kolostrum.
• Verminder aborsies en weggooilammers.
• Ooie verloor minder gewig wat konsepsie- en lampersentasies verhoog.
• Optimale lamsgroei en speengewigte.
• Voldoende wolfollikelontwikkeling by lammers om gehalte wolproduksie gedurende die skaap se leeftyd te verseker.
• Optimale ontwikkeling van lammers se reproduksiepotensiaal.
• Verseker die geboorte van lewenskragtige lammers.
• Voorsien die ooi van die nodige minerale, spoorminerale en vitamiene.
PRESTASIE KUNDIGHEID DIENS
PARTNERING PERFORMANCE
uppe marketing A36210
Wolmeesterkonsentraat
'n Veelsydige, hoëgehalte proteïenkonsentraat wat gebruik kan word om produksie- en onderhoudslekke of volledige voere te meng deur beskikbare grondstowwe op die plaas te gebruik.
Lam- en Ooilek
'n Gerieflike, hoëgehalte produksielek vir kleinvee.
Elite Block
'n Gerieflike, reënbestande, hoëgehalte produksielekblok vir kleinvee.
REËNBESTAND
Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, skakel:
RCL FOODS: www.rclfoods.com MOLATEK: +27(0)13 791-1036
www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com
Wolmeesterkonsentraat Reg. Nr. V19782, N-FF3588. Lam- en Ooilek Reg. Nr. V25056, N-FF3590.
Elite Block Reg. Nr. V26008, N-FF3586. Alle RSA-produkte is ingevolge Wet 36 van 1947 geregistreer.
MOLATEK



# Op die Vrou af

**DEUR CHRISTEL BASSON**
**OVK BEMARKINGSBESTUURDER**

Prins Albert het altyd deel uitgemaak van die lysie van dorpe wat ek graag wou besoek. Vir baie lank het ek altyd net verby die afdraaipad gery, en gehoop dat ek 'n geleentheid sou kry om die mooi dorpie te besoek. Min het ek geweet dit sou 'n jaarlikse instelling word. Die afgelope drie jaar is ek in my hoedanigheid as Bestuurder: OVK Bemarking en Kommunikasie betrokke by die Prins Albert Landbouskou se vroueprogram.

Ek onthou met my eerste aankoms in die dorp was ek oorweldig deur die mooi omgewing en die Swartberge wat majestueus oor die dorp troon. Die mense het my so vriendelik ontvang, en dit het oor die laaste twee jaar nie net 'n werksverpligting geword nie, maar ook 'n herontmoeting met ou vriende en 'n tuiskoms van my siel, waar ek so 'n bietjie kan asemhaal in die Karoo. Vir die laaste twee jaar wag daar elke keer 'n lekker bottel wyn of groenvye vir my, en krul my tone van lekkerkry as ek die produk van hierdie aarde kan geniet.

Op my vroegoggendstaptogte groet almal glimlaggend in die verbygaan. Dis lekker. Dit laat jou hart leef en asemhaal.

Hierdie dorp is 'n kunswerk wat verweef en geskilder is deur kleurryke mense, skitterende geleenthede, en die natuur wat jou verras met alles wat hierdie sogenaamde dorre aarde ons bied.

Sedert die eerste jaar wat ek betrokke is, is Karla Koorts aan die stuur van sake saam met haar man, Martin, die president van die Prins Albert Skoukomitee. Hulle het my gul ontvang en my deel gemaak van elke geleentheid by die skou, aangesien ek op my eie daar was.

In 2023 ontmoet ek vir Ronél Pieterse, die bestuurder en mede-eienaar van die Swartberg Hotel waar ek tuisgegaan het. Wat 'n heerlike ervaring was dit nie. Sy omarm my met haar warmte en vriendelikheid. Sy is betrokke by die skou met die kroning van Mnr en Mej Prins Albert Skou en dit maak 'n impak. Haar hand is ook oop om betrokkenes, soos ekself, vir die tydperk te huisves. Gratis en verniet!

Tydens vanjaar se skou was dit opmerklik hoe die skou uitgebrei het en hoe die gemeenskap alles geniet wat die skou bied. Dit het volgens my 'n ideale geleentheid gebied om oor hierdie twee sterk vroue in die gemeenskap te skryf en ook hulle menswees en passies met ons lesers van OVK Nuus te deel. Hulle is die tipe vroue wat Suid-Afrika, en meer spesifiek die platteland, aan die gang hou en die erfenis bewaar vir geslagte wat kom.

Wat ook vir my opmerklik is, is dat hierdie twee vroue uit verskillende eras kom, maar tog dieselfde liefde en fokus vir die





platteland in hulle harte dra.

Karla is 'n klein, fyn vroutjie, met die mooiste rooi hare. Haar hart is dalk vurig vir haar mense en dorp, maar haar menswees is so verfynd soos haar bou. Sy is 'n boorling van die Langkloof, naby Joubertina, en matrikuleer in George. Sy beskou haar hoërskooljare as vormingsjare vir haar karakter. Sy het aptekerswese in Potchefstroom gestudeer en haar internskap by die Life Bayview Hospitaal in Mosselbaai voltooi, wat die fondament gelê het vir haar beroep as apteker, waarvoor sy 'n ongelooflike passie het. In 2020 verskuif sy na die Beaufort-Wes hospitaal om haar gemeenskapsdiensjaar daar te doen. In 2021 kry sy die groot geleentheid om die Covid-vaksineringsprogram vir die Sentraal Karoo te behartig, waarvoor sy gekontrakteer was tot einde Januarie 2023. Intussen is sy en Martin in 2021 getroud. Sy locum steeds by die apteke in Prins Albert en omgewing.

Ronél is 'n pragtige, warm vrou, wie se hande vir niks verkeerd staan nie, en jy kan haar altyd deur 'n ring trek, of dit nou by die skou of op haar pos by die hotel is. Ronél is in Bloemfontein gebore, en het musiek gestudeer. Sy is in 1984 met Danie Pieterse, 'n bees- en wildboer getroud. Hulle het tot einde 2012 in die Vryburgdistrik geboer, waarna hulle alles verkoop het en Namibië aangedurf het. Ronél en Danie het vier kinders – Danelle, 'n taal- en drama-onderwyseres, Isma wat as prokureur praktiseer en spesialiseer in aktes, JW, 'n siviele ingenieur, en Willem-Frans met 'n meestersgraad in fisiologie.

Ronél en Danie het besef dat die kinders nie sal wil boer nie, en het toe alles in Namibië verkoop en teruggekom Suid-Afrika toe. Hulle het hierna eers vir 'n jaar rondgetoer om te besluit wat hulle wil doen, en in hulle reise het Prins Albert 'n indruk op hulle gemaak. Alhoewel hulle geen agtergrond in die hotelbedryf gehad het nie, het Ronél voorheen genoeg oorsese jagters onthaal en bederf, en was dit vir haar tweede natuur om mense tuis te laat voel. Die Swartberghotel was egter op baie groter skaal, met 60 permanente personeellede. Ronél en Danie het ingekoop in die hotel wat deel is van die Montdor Hotelgroep, en Ronél het die bestuur van die hotel oorgeneem. Die hotel is ook 'n bewaringsgebou en Nasionale Monument.

Wat Ronél veral opgewonde gemaak het oor Prins Albert, was die feit dat hier ook 'n kunsteater is waar jaarliks baie geleenthede aangebied word. Sy is ook baie betrokke hierby, en haar liefde vir die kunste gedy hier. Ronél sê alhoewel sy nie besef het hoe groot die taak is wat haar te beurt geval het met die rol wat sy aangeneem het nie, sal sy dit vir niks verruil nie.

Karla se  lewenspassies word weerspieël in haar beroep en landbou. Wat haar beroep betref, voel sy sterk oor die rol wat in die gesondheid van die gemeenskap vervul, en is dit haar begeerte om 'n verskil te maak, hoe klein of groot ookal. Sy sê alhoewel sy nie fisies self by die boerdery betrokke is nie, is die omgewing op die plaas waarmee sy omring is, en haar man se passie en opgewondenheid oor die plaas, aansteeklik.

Ronél se passies lê by God, haar kinders en haar kleinkinders. Sy is passievol oor musiek en die kunste, en nou is sy veral ook passievol oor die hotel, sy personeel en die rol wat sy hier vertolk.

Oor Prins Albert skou en haar betrokkenheid daarby vertel Karla dat sy reeds toe Martin net haar kêrel was, en sy nog student in Potchefstroom was, al op die bus geklim het om te kom help met die administratiewe take van die Vee-afdeling. Dis reeds waar die liefde begin het. Die afgelope drie jaar is hulle aan die stuur van die skou – Martin as skoupresident en Karla as sekretaresse en tesourier.

Ronél het glans na die skou gebring deur betrokke te raak by die Mnr en Mej Prins Albert Skou en as borg op te tree. Ronél geniet dit vreeslik baie om 'n bietjie glans aan die geleentheid te verleen.

Karla haal hulle ere-skoupresident aan wat by die skou se borgefunksie gesê het dat die plattelandse dorpe nog net die skou, die kerk en mekaar oorhet. Dit is die boustene van die platteland, alhoewel baie plattelandse dorpe nie meer skoue het nie. Karla sê ook dat Prins Albert een van die bes-instandgehoude dorpe in Suid-Afrika is, wat ek sekerlik kan beaam. Die pragtige, gerestoureerde dorpshuisies is 'n lus vir die oog. Daar is niks lekkerder as om deur hierdie dorp te stap en alles in te neem nie. Die landbouskou bied besoekers die geleentheid om nie net die dorp te besoek nie, maar dit dien ook as opvoedingsgeleentheid vir Jan Alleman om te verstaan hoe Suid-Afrika se kosmandjie daar uitsien, en waar alles vandaan kom.





Karla is dit eens dat as hierdie waardeketting behoue kan bly, landbou sal aanhou floreer.

Ronél sê die landbou is onlosmaaklik deel van Prins Albert asook die ontstaan van die dorp. Die skou is uiters belangrik vir die boere om op hoogte te bly van nuwe tendense in die boerdery asook die netwerk van besigheid buite Prins Albert.

Karla sê dat die vrou se rol voortdurend aanpas, met die vinnig veranderende landskap. Alhoewel sy sterk en trots voel oor haar tradisionele rol as vrou en ma, voel sy ook dat vroue die landbougeledere baie kan bied, hetsy dit is deur self te boer, of deur ten nouste betrokke te wees by die bestuur van die plaas, en veral die administratiewe rol.

Karla het 'n baie geldige opmerking gemaak wat my vir altyd sal bybly. Sy sê ons moet nie modder gebruik om te gooi nie, maar liewer om daarmee te bou. Haar koesterende en emosionele eienskappe is hierin vervat, en sy sê dis wie 'n vrou moet wees, en wat haar ook uniek maak – hetsy sy self boer of betrokke is by die boerdery, maar ook in die rol as ma en vrou en ondersteuner van haar man.

Oor die rol van die vrou in landbou sê Ronél dat vrouens al vir 'n geruime tyd deel van die landbougemeenskap is en oral in Suid-Afrika welslae behaal, nie alleen deur te boer nie maar ook deur hul betrokkenheid by die hantering van landboubemarking en -navorsing, asook hul besonderse bydrae wat betref die finansiële fasette. Die vroulike geslag word tans reeds hoog aangeslaan vir hul waardetoevoeging tot die voortbestaan en vooruitgang van die landbousektor.

Karla is 'n jong vrou, maar haar passie vir Prins Albert en die platteland is tasbaar. Sy vertel hoe die veld binne 8 dae kan verander as die reën uit die hemele neergedaal het na 'n droogte van 8 jaar. Sy vertel hoe mooi die Karoo in al sy fasette is. Sy is jonk, en sy sien die geleenthede wat die platteland bied as jy by die gemeenskap en die kerk betrokke is. Sy ken swaarkry en saamstaan, en sy weet vir seker van dans in die reën. Sy wil haar eie geleenthede uitbrei, omdat God haar soveel talente gegee het om mee te woeker en uit te brei met die gawes aan haar toegeken.

Ronél sê wat haar laat vashou aan die platteland, is die tipe mens eiesoortig aan die platteland wat te alle tye sterk gefokus is op sy/haar dorp en omgewing, die rustigheid en natuurskoon. Sy is versot op die Karoo – 'n harde, ongenaakbare, prentjiemooi wêreld!

Ronél maak staat op haar man, haar kinders en haar personeel wat ten spyte van moeilike tye vasbyt by die Swartberg Hotel. Wat Ronél opgewonde maak, is dat daar wêreldwyd 'n tendens is om meer na die platteland uit te wyk vir 'n hoër kwaliteit lewe. Hierdie neiging gee Ronél 'n toekomsvisie om die Swartberg Hotel van krag tot krag te laat gaan saam met haar man en personeel, en terselfdertyd mee te werk sodat die Prins Albert Landbouskou elke jaar meer waarde sal toevoeg vir die gemeenskap en besoekers.

Karla se drome is vervat in die rol wat sy as vrou en ma vertolk, maar ook die begeerte dat die skou van krag tot krag sal gaan. Hierdie jaar was die 58ste jaar wat die skou aangebied is. Ek dink dit is voorwaar 'n voorbeeld van toegewydheid en deursettingsvermoë van 'n dorp en sy gemeenskap.

Hierdie gemeenskap kyk dalk nie net op na die Swartberge nie, maar ook na die figuurlike berge wat soms vir die menslike oog onoorkombaar lyk. Tog, uit my ondervinding met hierdie gemeenskap weet ek vir seker hulle weet waar hulle hulp vandaan kom as hulle opkyk na die berge.

Soos wat die leivore deur hierdie dorp uit die berg water verskaf vir die olyfbome, vyebome, talle boorde en mooi tuine op my staptogte deur die dorp, so is hierdie dorp se gemeenskap onderling verweef en elkeen vervul 'n rol waar hy of sy in die geheel inpas – 'n rol van leef en laat leef.

Dankie Prins Albert!

**Stuur gerus vir my 'n e-pos na:**
**christelb@ovk.co.za**

**Vroue vir Landbou-groete**

Christel

platteland




# **OVK** are proud stockists of **Continental** and **General Tire.**

**Visit your nearest OVK branch** or call **051 923 4500** to find out more.

ContiSure WARRANTY

FREE TYRE REPLACEMENT

With our **FREE TYRE REPLACEMENT***, you can be assured that your new Continental tyres are fully covered from any accidental damage while you're on the road. *Ts & Cs Apply.




Ons sonneblombasters is ontwerp met sterk agronomiese eienskappe, hoë opbrengspotensiaal en indrukwekkende saadoliekonsentrasie, wat hulle bewese presteerders maak. Hierdie sonneblomme weet beslis hoe om uit te blink!

PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

Besoek ons webtuiste

CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2023 Corteva.